Vol 430
P 25 156 -
25 219.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

KLD VOL 430 PG. 25156 - 25219

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-08-04

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - - -

VOLUME 430

(Bladsye 25 156 - 25 219 )

HOF HERVAT OP 4 AUGUSTUS 1988.

MNR. JACOBS : U Edele, ek wil net 'n paar van die dinge wat u gister vir my gevra het net opklaar in die Leandra op bladsy 815, paragraaf 2 wat die hof gister vir my gevra het. Dit is nie so duidelik nie. Ek vra dat hierdie paragraaf miskien geskrap word uit die hoofde uit. Paragraaf 2 daar.

Dan op bladsy 816. Die datum daar in daardie paragraaf 10 is 1984 en in paragraaf 11 is daardie datum korrek. Dit is 19 November 1985. Ek was gister onseker gewees of daardie datum reg was. (10)

HOF : En die volgende een is weer 1984? 12?

MNR. JACOBS : Ja. Die volgende regmaak is op bladsy 818, daar in paragraaf 3 bo. 1 Junie 1986 is weer 'n tikfout. Ek het dit nagegaan. Dit moet 1984 wees en dan op bladsy 822 het die hof vir my gevra of daardie vergadering nou die oggend was daar genoem in paragraaf 4.2.6. Volgens die oorkonde is die tye soos dit hier aangegee is korrek daar by die plekke waarna hier verwys word.

Die volgende plek waar ons kom, wat ons vanoggend moet begin in die betoog is bladsy 828 en dit is met Cradock. (20) Op bladsy 828, ons maak die inleiding dat in Cradock was die swartbevolking intensief georganiseer en gemobiliseer ook daarso om deel te neem aan die vryheidstryd en die organisasies wat daarso hoofsaaklik opgetree het word genoem in paragraaf 1, hoofsaaklik CRADORA en CRADOYA. Ons wys daarop uit in die eerste paragraaf dat die terminologie wat ook daar toegepas was is tipies die UDF terminologie, waar CRADOYA na knelpunte teen die hoë huur verwys praat hulle van "the people's struggle" en hulle praat van "the enemy". So, dit is 'n duidelike aanduiding dat die vryheidstryd is hier aan die gang en dit (30)

gaan/...

gaan nie oor plaaslike probleme nie. In subparagraaf 2 word dit genoem dat die inwoners in Cradock is verenig teen die gemeenskaplike vyand. Op die volgende bladsy is dit een van die knelpunte wat daarso gebruik was, die verplasing van Goniwe na Graaff-Reinet en dat die jeugorganisasie CRADOYA 'n resolusie aanvaar het dat die skoleboikot moes uitgeroep word as gevolg van hierdie verplasing. Dan wys ons weer daarso in die volgende paragraaf dat die vyand het M. Goniwe verplaas na CRADORA om CRADORA se groei te demp. Dit kom alles voor in BEWYSSTUK 24 wat deur - aan UDF gestuur was en Goniwe, die junior Goniwe geskryf was.

Op bladsy 38 verwys ons na 'n persverklaring waar UDF dit stel dat die skole-onrus en die boikotte sal voortgaan in Cradock en dat die stryd in Cradock sal voortgaan totdat die sogenaamde nie-rasistiese demokratiese Suid-Afrika tot stand gekom het. Ons haal daarso 'n aanhaling aan waarin dit duidelik blyk dat UDF, CRADORA en CRADOYA almal hierdie sienswyse deel en dat dit hier gaan UDF 'n persverklaring uitreik ook ten gunste en ten behoewe van hierdie organisasies. Dan sê ons in ons hoofde, dan wys ons uit hoedat UDF ook 'n bydraende faktor gespeel het in die gebeure in Cradock en dat Matthew Goniwe het 'n belangrike posisie beklee in CRADORA en CRADOYA en het ook gedien op die Oos-Kaapse streek van UDF. Dit kom voor in BEWYSSTUK AAZ6. Dan sê ons die UDF leiers het ook aktief deel geneem in Cradock self in die volgende paragraaf en op 20 Oktober 1984 het een van die nasionale presidente en in samewerking met CRADORA die massas in Cradock op 'n openbare vergadering toegespreek en ons wys daarop dat UDF dokumente was klaarblyklik beskikbaar gestel vir die mense van CRADORA. Dit volg in paragraaf 5 want toe die

persoon/...

persoon Victor Guwane, die adjunk-sekretaris van CRADORA se huis deursoek was, was ꞌn hele aantal dokumente van UDF in sy besit gekry. Onder andere was BEWYSSTUK AAZ daar gevind. Dit is die sekretariële verslag en hier kom ꞌn interessante iets uit wat hulle sê "UDF represents a unity acquired through several years of reconstruction of the national democratic movement." Wat hulle oor verskeie jare - op daardie stadium was UDF maar net ꞌn rapsie oor een jaar, het dit bestaan. Nou watter "democratic, national democratic movement" is dit wat verskeie jare bymekaar gebring is. Ons submissie is dat die afleiding wat ons kan maak daaruit is dat dit verwys na die ANC wat hierso die "democratic movement" is en wat hulle nou herstruktueer het. In hierdie verslag word dit dan ook bevestig dat UDF die mense lei na ꞌn openlike konfrontrasie. Ons haal daar onder aan "it permitted democrats after a long lull to openly engage the masses of the people in struggle against the apartheid government." Een van die dokumente wat ook daar gekry was, was die toespraak van Mandela wat deur sy dogter Zinzi Mandela uitgelees was. Dit wys dat hierdie dokument is ook wyd versprei onder die mense van UDF.

Die brief waarna ek alreeds vroeër verwys het hierbo wat Mbulelo Goniwe, wat hy gerig het aan - nee, hierdie is ꞌn ander een. Dit is die een wat hy gerig het aan CRADORA en waar daar alreeds aanduidings is en bevestiging is van straatkomitees wat in Cradock tot stand gekom het. Op 19 April 1984 was beskuldigde nr. 19 in ꞌn padblokkade daar in die nabyheid voorgekeer van Cookhouse en in sy besit was ꞌn geskrewe dokument gevind, ꞌn bewysstuk en waarin weer verwys word daarna as daar nie aan die eise van die mense in Cradock

voldoen/...

voldoen gaan word nie, dan gaan daar 'n bloedbad wees. Die laaste deeltjie van daardie aanhaling op bladsy 1 van daardie dokument is "any attempt by the government to treat the people in a high handed manner can only feel the fire of discontent thus creating conditions for another 1976 bloodbath." Ons noem dit dat weer eens word daar in UDF kringe voorsien dat as daar nie aan die eise voldoen sou word nie, gaan daar 'n bloedbad wees.

Ons wys daarop op blady 833 die samewerking ter verwesenliking van die gemeenskaplike doel word nooit betwyfel nie. Daar in daardie dokument waarna ons verwys, BEWYSSTUK W48, word daar aanhalings gegee dat "together with CRADOYA the association joined the UDF in December 19 .." en dit word uiteengesit hoe dat hulle daar samewerking het in daardie gebied. Dit is ook so dat COSAS, die groot paragraaf, middel paragraaf 2 op bladsy 836 waar ons behandel dat COSAS se tak het bestaan in Cradock en hulle het die mense daar georganiseer tot daadwerklike aksie in die gebied. Ons wys daarop dat die COSAS tak van Cradock het die vergadering van die Oos-Kaap streek van COSAS bygewoon op 17 Junie te Katberg en daar het hulle deelgeneem aan die aktiwiteite daar. Dit blyk uit daardie registers wat ingehandig is toe die getuie van Adelaide getuig het dat Cradock se mense daar was. Dit is BEWYSSTUK CA43, 44 en 45 wat dit aandui.

Ons verwys in hierdie geval waar dit nou pertinent - dit is bietjie 'n herhaling, maar omdat dit Cradock is wat pertinent hier betrokke is en wat gebeur het in Cradock, wys ons hierso na die briewe wat beskuldigdes nrs. 20 en 19 gestuur het na die streke van UDF. Dit is 'n dokument waarin gesê word dat as die onderwysdepartement nie voldoen aan hulle

eise/...

eise nie, dan moet hulle planne beraam hoe om die stryd te vererger met ŉ duidelike voorsiening dat geweldpleging daar sou wees as die departement nie aan hulle eise voldoen nie.

Op bladsy 837 - die waarde en die - wat deur UDF en COSAS en al die ander organisasies verleen word, aan die onderwysstryd word ook in ŉ mate uiteengesit op bladsy 837 in BEWYSSTUK W19. Ons het net kort aanhalings hier aangehaal, maar daar word groot premie geplaas op die militantheid van die jeug en die jeug wat dan aan die vryheidstryd moet deelneem vir hulle griewe in die skole. Ons noem hierso dat daar in die opsweping van die massas in hierdie gebied was daarso in die proses gebruik gemaak van pamflette, plakkate en slagspreuke. Veral was die slagspreuk aangewend om die ANC, CRADOYA, UDF, ANC leiers, Mandela, Sisulu, Mahlaba, Mbeki, Tambo, te assosieer met mekaar en hulle te populariseer as die massas se kampvegters vir hulle vryheid en op 838 wys ons uit dat die polisie spesiaal daarna patrolliewerk gedoen het om te gaan kyk na hierdie slagspreuke wat daarso aangebring was op die plekke en dat hulle dit moes doodmaak. Ons wys die verskillende pamflette wat gekry was. Op 27 Junie 1984 was ŉ COSAS pamflet gekry wat die skoleboikot aanmoedig en eise stel ten aansien van onderwys. Dit is BEWYSSTUK AAY13. ŉ Ander COSAS pamflet wat gevind word waar dit opgeplak was was "COSAS says no to forced removals." Dit wys ook hoe COSAS nie net gemoeid is met skole-aangeleenthede nie, maar op die hele spektrum van die vryheidstryd gekonsentreer het. Dan is daar ŉ pamflet wat daar gegaan het oor die verbruikersboikot en daar is knelpunte in opgehaal van laer inkomste van vroue en werkers, hoë huur, verbanning van vergaderings en vrylating van alle aangehoudenes. Bladsy 839, daar kry

ons/...

ons in paragraaf 6 op 10 Oktober word ŉ AZASO pamflet versprei in daardie gebied waarin hulle eise of die mense aanstig om te streef na "people's SRC's" en om voort te gaan met die stryd ten koste van selfs al is daar ŉ moontlikheid van uitsettings, arrestasies en ook selfs al word hulle geskiet, dan moet die stryd nog voortgaan. In paragraaf 7 wys ons uit dat daar is pamflette versprei om die MSC van UDF daar te bevorder. In paragraaf 8, op 20 Oktober 1984 ŉ pamflet waarin geadverteer word dat een van die presidente van UDF, Oscar Mpetha, ŉ CRADORA vergadering sou hou en dan omtrent hierdie slagspreuke wat uitgereik is of op die geboue daarso uitgeverf was, is die foto's hier by die hof ingehandig. Kortliks wys ek hier daarop uit dat hierdie slagspreuke is ŉ assosiasie en popularisering van Umkhonto we Sizwe, Mandela, Sisulu, Mhlaba, Mbeki, UDF, die MK en vryheid en dan sê hulle "Let the struggle continue until justice is attained." Dan word CRADOYA daar gepopulariseer en ook die ANC met die MK en "Viva AK47". Ek haal die hele lot aan. Ek het net ŉ paar voorbeelde genoem. Dit wys dat reg rondom die stadion was dit daar uitgeverf, was die getuienis gewees en die foto's wat hier ingehandig was. Teen toiletmure was daar ook slagspreuke geverf waar die UDF,ANC en CRADOYA gepopulariseer word.

Vervolgens op bladsy 841 paragraaf 3 begin ons om te bewys dat begrafnisse gebruik was ook met die politisering van die massas. In Cradock het dit ŉ besonder eienaardige metode gevolg. Eerstens kry ŉ mens dat die jong mense versamel by die kerk waar hulle dan vryheidsliedere sing, slagspreuke skreeu en eienaardig, dat die slagspreuke wat hierdie jong mense skreeu, stem ooreen met dié wat geverf word op die

mure/...

mure. Dit is weer "Viva UDF Viva ANC Viva Umkhonto we Sizwe Viva CRADORA Viva CRADOYA Viva AK47 Viva Bazooka." Daarna hardloop hierdie jeugdiges in die strate en sover as wat hulle gaan sing hulle vryheidsliedere. Dan skreeu hulle ook nog hierdie selfde slagspreuke en in die hardloop, dan sluit meer en meer by hulle aan en wat opmerklik is is dat op hierdie begrafnisse word die baniere van die organisasies soos CRADORA, CRADOYA, COSAS en UDF word gebruik en dan hardloop hierdie mense onder hierdie simbole. Na die begrafnisse gewoonlik dan bly daar groot getalle van hierdie jeugdiges agter totdat die naasbestaandes die begrafnis verlaat het en dan marsjeer hulle in die strate af en dan is dit weer dieselfde ding, van die slagspreuke en die singery en dikwels gaan dit oor in geweldpleging daar.

Op bladsy 842 heel onder in paragraaf 5 begin ons om uiteen te sit watter knelpunte daar gebruik was om die mense op te sweep om deel te neem in aksie teen die owerhede. Dit is nie net knelpunte van nasionale karakter nie, maar ook van plaaslike aard. Die pamflette soos reeds gesê het al hierdie knelpunte gewoonlik bevat van swartonderwys wat COSAS gekoppel het aan die stryd, verwydering en hervestiging wat COSAS gebruik het in die stryd, die lae inkomste. Dan die verplasing en afdanking van M. Goniwe word deur CRADORA, CRADOYA en COSAS gebruik met die steun van UDF en COSAS nasionaal om die massas op te sweep in Cradock tot daadwerklike aksie en ons haal daarso aan wat gestel was hierso dat die skoleboikotte het eintlik begin in Cradock in 1984 volgens die verweer wat gestel was en dan ook noem ons in verskeie bewysstukke wat reeds ook van hulle behandel was, waarin dit gedoen is. Die laaste een, BEWYSSTUK W19 bladsy 1 "under

the/...

the banner of COSAS schools have boycotted, fought, negotiated and laid down demands."

Die nasionale knelpunte op bladsy 843 word daar voorbeelde gegee en ons gee daar voorbeelde van die hoë premie wat gestel word deur UDF en hulle trawante, die stryd in die skole en die doel daarvan en dit alles, soos ons dit hier uiteengesit het, die aanhalings uit die dokumente van die UDF, gaan dit nie om plaaslike probleme nie, maar dit gaan oor die nasionale saak. As ek ŉ voorbeeld kan noem, wat ek aanhaal daarso wat Frank Chikane daarso noem in paragraaf 2, ek gaan net die laaste deel lees daarvan. "Die skole-onrus word gebruik "for working towards the scrapping of this oppressive occupation system, to substitute it with a progressive system of education controlled by the people." So, die skole-boikot is ons kontensie gaan van die begin en tot die einde, is nie vir die verkryging van studenterade net bloot nie of afskaffing van ouderdomsperke nie, maar dit gaan oor die totale vernietiging van die bestaande onderwysstelsel. Dit word dan genoem op bladsy 835 waar ons aanhaling ook daar bo is onder "return of people to school", "The issue is not whether students and pupils are returning to school or not. It is whether the DET has and will continue to adequately address those grievances which led to the disruption of classes last year." En dan ŉ entjie verder "Our fear is that many young lives will once more be lost in running street battles in which armed police and soldiers will confront unarmed and defenceless pupils in townships" en dit is wat mnr. Lekota gesê het. In paragraaf 4 wys dit daarop uit dat die swartonderwys is ŉ integrale deel van die vryheidstryd. Dan sal ek net die heel onderste deel

van/...

van daardie bladsy aanhaal "The process by which women, workers and students are to take control of their education are a vital part of the wider struggle to control all aspects of their lives." Dit is duidelik ŉ bevestiging dit gaan baie, baie verder as net bloot skoolprobleme.

Dan word dit gesê die metodes wat hulle aanwend om hierdie stryd te voer. Ek haal daar ŉ aanhaling aan op bladsy 846 so in die middel van die bladsy waar ek bladsy 14 uit die dokument uit aanhaal "Our method is united action. Our emphasis on action flows from our understanding that unity can only be built in and through struggle.". Daar is ŉ lang aanhaling wat ek daar het, maar dit wys weer dat dit ŉ konsentrasie is op direkte aksie.

Daar onder aan die bladsy word ŉ verwysing na beskuldigde nr. 21 gemaak. Dit is eintlik beskuldigde nr. 20. Dan paragraaf 6 moedig hulle aan om in die voetspore van die ANC Youth League van die jare 40 te volg. Dit is BEWYSSTUK AB39 en ten aansien van Cradock word dan gesê - dit staan aangehaal bo op bladsy 7 "Above all, however, you have a daunting task of matching the ability to organise the militancy and self-less courage of the '76 Soweto youth, respond to the challenge of the youth in Cradock, Lamontville and Parys." So, hulle het nou al hierdie strydvoering in Cradock, het nou ook al ŉ voorbeeld geword wat vir ander skole gevorm moet word.
In paragraaf 7 bevestig COSAS ook dat die gebeure in Cradock is ŉ simbool van die studente se ontevredenheid en van hulle strydvoering. "Eversince the beginning of this year there have been a number of incidents of unrest in schools which symbolises dissatisfaction amongst the students of South Africa. Those affected are in Cradock, Atteridgeville,

Saulsville/...

Saulsville, Tembisa" en ook die ander plekke wat daar is en dan gee hulle die eise weer en dit is weer - ek gaan hulle nie lees nie, maar dit is weer die gewone eise wat ŉ mens by elkeen van die plekke kry waar skoleboikotte plaasgevind het.

AZASO het ook ŉ belangrike diensbrief uitgestuur waarin hulle uiteensit dat die vryheidstryd is ŉ magstryd en nie ŉ stryd - en wie die strydmagte is en hoe hulle aangewend moet word. Ons behandel hierdie deel ook in ŉ latere deel waarna verwys sal word waar die "people's power" meer volledig behandel word en daar kom hierdie stuk ook weer ter sprake, maar is van toepassing hier daardie afdeling van die "people's power" en miskien later, as dit kom, net ŉ kruisverwysing hier maak na bladsy 848 daaroor.

Die volgende paragraaf wat ons daar behandel is in ŉ dokument van SASPU National wat weer uitwys sekere aspekte en ek wil net aanhaal die een deel daarso of daar in die middel "In Pretoria townships Saulsville, Atteridgeville and in Cradock authorities consistently refused to give in to student demands. Thirteen schools are now closed affecting ten thousand students. In Cradock there were reports of police beating and detaining students and disrupting." Dit moet net reggemaak word daar daardie "discripting." Dit is eintlik "disrupting their meetings. Police vans were stoned and roadblocks were erected to stop police from entering the townships."

Boaan bladsy 849 word daar weer gewys watter doel - met watter doel word hierdie vryheidstryd of die stryd in die skole gevoer. Ek wil daardie heel eerste paragraaf net aanhaal. "We need unity to galvanise students and all peace and freedom loving people for the final distruction of

tribalist/...

tribalist education. Step forward to the people's education." So, dit gaan weer baie verder as wat in die algemeen voorgegee word en dan as ek nog 'n paragraaf daar mag aanhaal, die vierde paragraaf van bo af "It is possible to push the authorities to give in to these demands which means the boycotts do not end in outright defeat which can be demoralising, boycott becomes effective tactic in the students struggle." Dit is al hierdie hele stuk waar belangrike aanhalings gemaak is wat ons onderstreep het, kom in BEWYSSTUK W20 voor. In dieselfde trant gaan dit aan ook in die SASPU Focus van November 1984 waar duidelike uitbeeldings gegee word dat hierdie vryheidstryd of hierdie skolestryd is deel van die vryheidstryd en gaan baie verder as net blote eise op die plaaslike vlak.

Ek wil oorgaan na bladsy 851 waar dit dan ook duidelik uitgespel word, al word daar aan hulle eise voldoen, sal dit die stryd nie laat beëindig nie.

Op bladsy 851 heel onder aan bladsy 18, ek wil daar begin "Students in schools and universities are not just taking up immediate issues. They have also begun the long painstaking task of putting together an education blueprint which would not only deal with immediate issues, but would also put long term demands on the agenda. An AZAPO president Simphiwe Mgoduso explains, may be after five or ten years the short term demands for SRC's will not be an issue, but the long term demand for the community involvement in the running of education as part of the demand for a free and non-racial South Africa will remain." Dan sluit hierdie stuk heel onder aan af "The people shall govern, not only parliament but also directly in the schools, factories and

communities/...

communities, nothing less than power to the people." Ons respekvolle submissie is dat al hierdie aspekte dui dan duidelik daarop dat die skolestryd of die boikotte in die skole is net weer een fase van die vryheidstryd.

Op bladsy 853 paragraaf 6 begin ons daar om te wys dat die gevolge van die mobilisering en politisering van die massas in Cradock. Daar is op die Sondag in Februarie 1950 - in Februarie 1985 onder COSAS baniere en CRADORA baniere in die strate gehardloop en geweld het daar uitgebreek, geweld deurdat polisiehuise en huise van beamptes en ook self die polisie aangeval was daar. In paragraaf 2 op dieselfde bladsy kry ons grootskaalse onluste wat uitbreek op 3 Februarie 1985. Dit is klipgooiery, brandstigting, 'n voertuig was in 'n straat aan die brand gesteek, onderwysers en skole-inspekteurs se wonings en voertuie was aangeval, die huis en 'n motor van 'n onderwyser was aangeval en verbrand en die aanvallers het UDF T-hempies aangehad en teen die muur van die plek wat gebrand was, was UDF uitgeverf gewees. Ons sê dit bevestig nogmaals dat die aanvallers openbaar dat hulle hulleself moet assosieer en om dit saam te vat kan ek dit so stel, dit bewys in hierdie paragraaf vat ek dit ook so saam maar dit bewys dat die vryheidstryd onder die vaandel en leiding van UDF vind plaas en het inslag gevind by die mense regoor die land dat hulle veg onder UDF, hierdie vryheidstryd. Hulle assosieer hulle, by die plek wat hulle aan die brand steek skryf hulle UDF daar neer. Hulle dra die UDF se klere. So, dit is heeltemal 'n aanvaarding van die beleid van UDF en 'n uitvoering van die beleid van UDF soos hulle dit sien. Met ander woorde, hulle aanvaar dit soos dit aan hulle verkondig word. Dan in paragraaf 3

wys/...

wys ons verder daarop dat geweld het vanaf 1984 daarso al uitgebreek en was eiendomme van polisiebeamptes, raadslede en 'n onderwyser en wonings en ander eiendom is dikwels aangeval deur groepe na begrafnisse en van onlusslagoffers. Ons wys daar dat die huis van raadslid Doris Hermaans was aangeval en beskadig. So, leiers van die organisasies het raadslede geïntimideer deur dreigemente, byvoorbeeld Mbulelo Goniwe, hy was die hooforganiseerder van CRADORA en CRADOYA en net toevallig, terwyl ons hier is, dit wys weer eens hy is die hooforganiseerder van beide die organisasies. Die skakeling, die noue skakeling wat daar altyd gewees het tussen die organisasies om die een by die ander in te skakel in die organisering. In Julie 1985 was daar geweldpleging in Cradock na begrafnisse toe huise afgebrand is. Voor Julie was daar mense voor en na begrafnisse met klippe aangeval. Nou, hierdie getuienis word bevestig - eintlik hierdie wat nou volg is net 'n herhaling van die vorige, maar dit wys net die bevestiging. So, ek sal dit oorslaan. Net om te wys dat daar is nie enkel getuienis van die staat se kant af hieroor nie.

Dan gaan ek na bladsy 957 en daar behandel ek die verdediging se getuie, mnr. A. S. Skweyiya en ons submissie is dat hy het veral belangrike feite geopenbaar en erken van die gebeure in Cradock. Eerstens wys ons daarop dat daarso is - hy het erken dat daarso heelwat knelpunte gebruik was in Cradock. Hy het erken dat CRADOYA het vir CRADORA gestig, maar hulle het die beheer behou deur dieselfde leiers in beheer van albei die liggame te kies. Ons het daar gesien dat mnr. Matthew Goniwe wat 35 jaar oud was, die voorsitter was van CRADOYA, Fort Calata wat 29 jaar oud was, was as

die/...

die voorsitter - was op CRADOYA se bestuur gekies en dan Reuben Mahangu wat 34 jaar oud was, was die tesourier van CRADOYA.

Op bladsy 859 word daar deur hom bevestig in paragraaf 4 daar dat die klasse-boikotte het begin in 1983 al. Die datum wat hy daar gegee het is 3 Februarie 1983. Daar word 'n aanhaling gemaak "What happened is, there was some fighting between the scholars and the police. That is those in the higher primary school and high school and secondary school." Die verwysing was daar. Die punt is aangehaal hier, want dit was aan een van die getuies gestel dat die moeilikheid in die skole het eers in 1984 begin, maar die getuienis word geopenbaar dat dit het begin in 1983. Die skoleboikot het deurgegaan en het geduur, ons wys op bladsy 860 deur 1984, dit het deurgegaan tot 1985 en die redes wat hoofsaaklik gegee is, behalwe vir al die ander knelpunte was ook omdat Matthew Goniwe en Fort Calata nie in hulle poste heraangestel was nie en tweedens omdat die regering nie voldoen het aan die eise van die studente nie. Daar was ook grootskaalse geweldpleging in Cradock wat daar uitgevoer is deur die opgesweepte massas. In Maartmaand 1984 het die landdros van Cradock die vergaderings van CRADORA en CRADOYA verbied en spesifiek 'n vergadering van 25 Maart waaroor hy getuig het en op 25 Maart het daar toe onluste weer uitgebreek omdat die vergadering verbied was. Daar was padversperrings gewees wat hy waargeneem het toe hy teruggekom het van die Ciskei af. Dit is die getuie van die verdediging. Dit word uitgewys op bladsy 861. Dan in sy getuienis het hy telkens die woord "violence" gebruik en op 'n vraag van u edele het hy getuig dat met "violence" bedoel hy "burning of vehicles, stoning

of/...

of houses, killing of people, et cetera." In paragraaf 3 wys ons uit hy het in kruisondervraging bevestig dat die jeug in gevegte met die polisie betrokke was waar die jeug klippe na die polisie gegooi het en dan het die polisie met traanrook na hulle geskiet. Hy het bevestig dat die jeug opgetree het en hy kan nie onderskei of dit skoliere of ander jeugdiges was wat alreeds skole verlaat het nie. Dit wys ons daar uit in die bewysplekke daar. Dan beskryf hy dit so en ek haal 'n deel van sy getuienis hier gaan op bladsy 862 "Nee, maar ek bly daar naby die winkels. Wat gebeur het is dat die kinders begin sing het daar naby die winkels. Dan kom die hippo's daar. As die hippo's kom, dan sal die kinders weghardloop en klippe gooi en dan sal die polisie traangas skiet. Dan hardloop die kinders na ons huise toe wat naby daardie winkels is." Hier het hierdie getuie op hierdie stadium spontaan daarop gewys dat die moeilikhede is nie deur die polisie begin nie. Daar is die gesingery in die straat. As die polisie op die toneel opdaag, dan hardloop hulle weg en dan gooi hulle klippe en dan skiet die polisie die traanrook. In volume 412 en op bladsy 24 056 het hy begin dat die skoleboikot en moeilikhede het al in Januarie 1984 ook begin na die aanhouding van Goniwe, Jacobs en Calata - het die onluste in Maart 1984 in hewigheid vererger. In die oproer was petrolbomme gebruik, huise van twee raadslede en van die waarnemende hoof Magudu. By die begrafnis van Doris Hermaans was - hy bring dit uit op bladsy 863 - die begrafnisstoet met klippe gegooi. OP bladsy 7 volgens sy getuienis gaan dit voort die onluste het voortgeduur in 1985 en dan meld hy daarso dat Chris Nissan wat van die UDF Wes-Kaap se uitvoerende bestuur is, het dan as 'n spreker

op/...

op ɦ begrafnis gedien waar sy nefie wat in die onluste gedood is begrawe was. Hy het ook bevestig in sy getuienis dat die hele swart plaaslike bestuur het bedank in Januarie 1984 en dat van hulle huise aangeval was en dit is ɦ duidelike aanduiding dat hierdie raad dan onder intimidasie en druk bedank het. Ons wys uit op bladsy 863 in paragraaf 9 daar onder hy het gesien gedurende die oproer en onluste dat inspekteurs se voertuie was aan die brand. Hy het gesien die poskantoor was aan die brand. Hy het gesien die administrasieraad se kantoor was aan die brand, die huis van ene Ndaba was aan die brand en wat ɦ mens dan uit hierdie plekke wat aangeval was aflei en duidelik sien is dat die teikens in hierdie onluste was altyd die polisie, die raadslede, onderwysers, swart plaaslike besture en die staat se eiendom wat aangeval en vernietig is. Dit is altyd teen die "system" wat die aanvalle geloods was.

Ons wys weer in paragraaf 8 volgens hierdie getuie se getuienis die knelpunte wat gebruik was. Hy het gesê dit was gebruik, die raadslede was geblameer en die massas was vertel op die vergaderings dat hierdie raadslede verantwoordelik is vir hulle gebreke. In wese was sy getuienis dat hulle die swart plaaslike besture en swartraadslede totaal verwerp het. Hy het ook bevestig dat daar ɦ COSAS teenwoordigheid in CRADOCK was, blykbaar al voor 15 Oktober 1984 en hy het gesê hy het gelees daarvan en toe op ɦ vergadering was dit ook gesê en dan ɦ belangrike aspek van sy getuienis wat uitkom ook was dat hy bevestig wat ook in die ander UDF dokumente en UDF se publikasies verskyn het dat in Cradock het daar straat- en areakomitees en dan onder ɦ beherende liggaam te wete CRADORA bestaan wat daar ingestel was.

Die/...

Die straatkomitees is heel onderste op die leer. Dan kry ꞌn mens ꞌn areakomitee wat ꞌn hele aantal straatkomitees onder hom het en dan die verskillende areakomitees is weer verantwoording verskuldig aan die bestuurskomitee van CRADORA. Ek verwys dan ook daar watter van daardie dokumente betrokke is by die kwessie van die straat- en verskillende komitees.

In hierdie geval word daar ook uitgewys weer dat die blaam op die polisie geplaas word vir sekere dinge. Dit kan nie opgaan nie, want op sy eie getuienis bewys hierdie getuie hoe dat die jeug die polisie aangeval het en dan het die polisie geskiet, maar ons wys op bladsy 867 die blaam op die polisie, die insidente. Die gebeure van 3 Februarie 1985 word nogmaals deur die verdediging op die owerhedê en die polisie geplaas. Die verweer was - ek het dit taamlik volledig hier gestel uit die stukke uit - dat dit deur die verdediging gestel was dat ꞌn vergadering wat vroeg in Februarie moes plaasvind was belet en dat ꞌn appèl teen die bevel ook mislik het. Die polisie het die berig van die mislukking van die appèl na die woonbuurt gebring en in die proses uittartend opgetree deur "viva" te skreeu, by die woongebied braaivleis te hou en die polisiebeamptes was beskryf, hier was een wie se voete by die venster van die voertuig uitgesteek het wat in die straat gery het besig om sports te maak. Die bewering was verder dat die verbode vergadering lank terug deur CRADORA en ander gemeenskapsorganisasies gereël was om die verjaring van die skoolboikotte te vier en dat die vorige prinsipaal M. Goniwe vervang was met iemand anders en dat aanvalle van 2 en 3 Februarie 1985 op die huise en voertuie van die nuwe waarnemende prinsipaal en ander lede van sy familie plaasgevind het. Die verweer

wat daar gestel was van die polisiebeamptes wat op hierdie manier opgetree het en hierdie mense sou uitgetart het, daar het geen getuienis daarvan voor die hof gekom nie. Die vorige verweer dat die of die verweer dat die vorige vise-prinsipaal Goniwe vervang was en dan die vername deel daarvan dat die waarnemende nuwe prinsipaal 'n verklaring gemaak het wat die mense kwaad gemaak het, ons het nie gehoor wat is die verklaring wat gemaak is wat die mense kwaad gemaak het nie. Gedurende Februarie 1985 was die blaam op die polisie wat traanrook in 'n kerk sou gegooi het terwyl die kerk aan die gang was. Die feite wat die polisie hier erken het was dat hulle het naby die kerk oproeriges uiteen gejaag. Dan word die stelling gemaak dat die geweldpleging waaroor die getuie getuig het na hierdie kerkvoorval plaasgevind het. Daar is nie sulke getuienis nie. Ons het reeds al - daar is 'n direkte botsing met hierdie, want die polisie het opgetree om oproeriges uiteen te jaag toe die traanrook daar gegooi is en in die nabyheid van die kerk beland het. So, dit kan nie die oorsaak wees dan dat die traanrook wat gegooi is die oorsaak was van oproerigheid en geweld nie.

Ons wys hier uit op bladsy 869 ook en inteendeel, dit is nie net op hierdie dag nie, soos hierbo uiteengesit het geweld alreeds aan die begin van 1984 uitgebreek toe leerlinge wat boikot, met die polisie slaags geraak het. Daar is etlike insidente wat ek vroeër aangehaal het van geweldpleging wat daar plaasgevind het voor daardie tyd. 'n Ander verweer was dat die polisie mense wat begrafnisse - van begrafnisse af teruggekeer het sommer sonder meer aangeval het. Ek haal die stelling daar aan en wat gesê is en hierdie

verweer/...

verweer het ook nie gerealiseer nie en daar is ook nie getuienis wat hierdie verweer bevestig nie. Dit is dan ons respekvolle betoog dat daar geen twyfel hoegenaamd kon bestaan in hierdie hof nie, dit is ons respekvolle betoog, dat UDF, COSAS, CRADORA en CRADOYA en ander aktiewe ondersteuners die mense in hierdie gebied georganiseer het, gemobiliseer het en opgesweep het tot geweldpleging en dat hulle in 'n groot mate daarin geslaag het en dat die geweldpleging wat in Cradock uitgebreek het, nie toegeskryf moet word aan polisie-optrede nie, maar toegeskryf moet word daaraan dat dit deel van die uitvoering is van die vryheidstryd in hierdie gebied en vir die vestiging van "people's power".

Dit handel dan Cradock af. Die volgende is Daveyton. Ek sal met u verlof vra dat mnr. Fick dan voortgaan.

- - - - - - - - - -

DAVEYTON:

MNR. FICK : Bladsy 871 wys die staat net daarop uit dat ERAPO en COSAS was aktief in Daveyton gewees.

Bladsy 872 wys ons uit, paragraaf 1.1.5 en verdere paragrawe dat die swart plaaslike besture verhoogde huur, skoleboikotte is aangemoedig, daar het geweld uitgebreek, daar was pamflette versprei teen die raadslede en ons wys dan ook uit van paragraaf 1.1.8 af dat die teikens in Daveyton was die raadslede self, die polisiebeamptes se huise, polisie-voertuie, padversperrings en skoleboikotte.

Ons wys op bladsy 874 uit paragraaf 1.1.14 dat daar op 9 Augustus 1984 klasse-boikot was te Daveyton en dat daar ook sporadiese voorvalle was op daardie dag van geweld en padversperrings tydens die skole-boikot.

Dan verwys ek u na bladsy 880. Dit is die verdedigingsgetui

Mbonane/...

Mbonane wat sou getuig het. Ek vra die hof om te bevind dat haar getuienis oor die skoleboikotte is ongeloofwaardig. Paragraaf 1.2.5 beweer sy dat sy nooit uitgevind het by haar kinders wat betrokke was by die skoleboikot wie het die goed gereël en wie sit agter die skoleboikotte nie. Op bladsy 881 paragraaf 1.2.7 sê ons verder dat haar getuienis oor die geweldpleging in Daveyton is leuenagtig. Sy het nooit gehoor van al hierdie aanvalle nie, op die polisie, die padversperrings en die raadsgeboue nie.

Die volgende getuie was mev. Tusi. Van haar betoog die staat op bladsy 882 dat sy duidelik haar getuienis kort-kort verander om haar te pas. Wat sy beskryf in hoofgetuienis wat sy sou gesien het wat in die een straat gebeur het blyk later heeltemal ŉ ander plek te wees in kruisverhoor. Op bladsy 883 word haar getuienis verder behandel, die weersprekings. Ek wil net pertinent verwys na paragraaf 1.3.7 waar sy getuig daar was ŉ bakleiery gewees. Dan beskuldig sy die "boere" vir die bakleiery dat sy nie moet werk toe gaan nie, dan word die "boere" later die "witmense", later word die "witmense" die "polisie van", later sê sy sy weet nou nie of hierdie mense dalk mense van die vakbonde was wat met hierdie wegbly-aksie hulle uit die werk gehou het nie. Dit is ŉ toonbeeld van haar vyandigheid teenoor die polisie en haar gesindheid waarmee sy getuig het.

Ek wil u net verwys na bladsy 886 paragraaf 1.5.3. Daar is ŉ tikfout, die derde reël. Daar staan "Swaba". Dit moet wees "Sinaba".

Op bladsy 888 paragraaf 1.5.12 daar behandel ons die getuienis van Ngubu, die ander verdedigingsgetuie en ons wil aan die hand doen dat hy ook nie die verdediging se

stelling/...

stelling wat die verdediging sou gemaak het oor 'n sekere vergadering wat gehou was deur ERAPO en die Sinaba party bevestig nie. Dit blyk verder uit hierdie man se getuienis, bladsy 889, die paragrawe daar aangehaal dat daar is kennis gegee, hulle het kennis gedra dat die huurverhoging is afgestel maar hulle gaan nogtans voort met die hou van 'n massavergadering teen die huurverhogings en ek wil aan die hand doen sy verduideliking waaroor hy sê hulle voortgegaan het met hierdie massavergadering en waarom hulle ook nie ERAPO meegedeel het maar kyk die huurverhoging is af nie, is ongeloofwaardig. Dit is duidelik dat hulle wou voortgaan met hierdie vergadering. Hulle wou gehad het die massas moet gemobiliseer word, moet nog steeds opgesteek word teen die raadslede in Daveyton.

Dan die volgende getuie wat ek na wil verwys is die getuie Mabena. Hy het getuig oor die sogenaamde skoleboikotte in Daveyton en ek verwys u meer spesifiek na bladsy 894 tot 898. Daar word 'n hele aantal weersprekings en onwaarskynlikhede in die man se getuienis behandel oor hierdie bladsye en ek wil aan die hand doen dat dit duidelik is dat hierdie boikot met die skole was geensins 'n spontane reaksie gewees nie. Hierdie was klaarblyklik 'n georganiseerde boikot gewees en sy getuienis oor wat die polisie sou gedoen het, hy het sowaar vorendag gekom - ek verwys na bladsy 896 waar hy vertel dat die polisie het sowaar, hy het gedink die polisie is 'n "guard of honour" soos hy gesê het wat daar gestaan het met die sambokke toe hulle daar wou marsjeer. Afgesien daarvan dat sy getuienis oor die polisie-optrede lagwekkend is, is dit 'n klomp leuens wat weer die polisie wil beswadder vir die geweldpleging wat daar uitgebreek het in Daveyton

tydens/...

tydens die skoleboikot.

Ek verwys u na bladsy 898. Daar is die begrafnis op 8 September. By hierdie begrafnis is dit weer eens 'n begrafnis waar gebruik gemaak was - misbruik is deur die organisasies COSAS, ERAPO en UDF waar hulle hulle plakkate en baniere vertoon het en dit is duidelik op bladsy 899 dat na die begrafnis het die jeugdiges in die strate marsjeer, padversperrings opgerig, daar is aanvalle teen die polisie gerig en drankwinkels van die raad is geplunder en aan die brand gesteek. Dit is 'n duidelike aanduiding met respek van hoe die mense op hierdie begrafnis deur hierdie organisasies opgesweep was, dat hulle onmiddellik daarna oorgegaan het tot geweld.

Die volgende getuie wat ek behandel is die getuie Rosalina Mbonane ook van die verdediging.Van bladsy 901 tot 902 behandel ek die onwaarskynlikhede in haar getuienis. Sy weet nie dat ERAPO sprekers genooi het nie. Sy weet nie dat ERAPO hierdie begrafnis gereël het nie en tog volgens die program is ERAPO die organisasie wat die begrafnis gereël het.

Die volgende verdedigingsgetuie wat getuig het was mnr. Phala. Hierdie getuie maak dit ook duidelik dat COSAS en ERAPO het gesê hulle wil hierdie begrafnis reël, hulle wil dit 'n massabegrafnis maak. Ek verwys op bladsy 904 onder aan paragraaf 2.3.8 dat toe hulle nou vra wie is UDF, wat het UDF met hierdie begrafnis te doen, was daar vir hulle gesê dit is goed wat julle nie sal verstaan nie. Dit is 'n duidelike aanduiding dat die naasbestaandes uitgebuit is deur die organisasies.

Dan wil ek u ook verwys na die transkripsie BEWYSSTUK V33 en BEWYSSTUK 42. Ek vra dat u onder aan paragraaf 2.4.2

net/...

net ŉ verwysing daarna maak. Dit is die tersaaklike video en die transkripsie. Ek wil aan die hand doen dat uit hierdie transkripsie wat die hof - die video wat die hof self gesien het, is dit duidelik dat Umkhonto we Sizwe is verheerlik op hierdie begrafnis - op ŉ begrafnis wat deur hierdie organisasies en UDF gereël is. Oliver Tambo is deur die oorgrote meerderheid van die mense daar op die stadion verheerlik op die begrafnis en dan het biskop Tutu gekom na die begrafnis toe en hy het nog verder vir die mense loop en vertel maar kyk "freedom is nog cheap. To achieve true freedom means to be engaged in the liberation struggle and in the struggle there will always be casualties." Dit word aan die hand gedoen dat selfs hierdie man wat genooi was hier om hier te kom praat het dit ook verder by hierdie massas dit ingeprent dat geweldpleging is deel van die vryheidstryd, hulle moet dit aanvaar.

Dan verwys ek na 5 en 6 November 1984 was daar ŉ wegblyaksie gewees. Bladsy 906. Dit was duidelik dat persone wat probeer het om wel werk toe te gaan was fisies verhoed om die busse te gebruik. Daar is padversperrings aangebring in die pad en op bladsy 907 behandel ek die getuienis van mev. M. Peter van die verdediging. Sy sou nou ŉ ooggetuie gewees het tot Lungile Khubeka geskiet sou gewees het. Ek vra die hof om haar getuienis te verwerp. Ek verwys op bladsy 907 en 908 na die ongeloofwaardigheid van haar getuienis en die onwaarskynlikhede. Wat die begrafnis van 17 November 1984 betref is daar weer die getuienis paragraaf 4.3 op bladsy 908 dat na die diens was daar weer onluste en daar was weer padversperrings aangebring by hierdie begrafnis ook van ŉ onlusslagoffer. Ek behandel dan die dokumentêre getuienis op bladsy 909. Eerstens BEWYSSTUK N3. Dit is ŉ UDF sekretariële

verslag/...

verslag, sê UDF nie net 'n kampanje nie, maar 'n intensiewe kampanje teen die swart plaaslike besture is in Daveyton gevoer en dit is duidelik dat UDF die koördinerende rol daar gespeel het. Uit BEWYSSTUK U4(b) en (c) wat alreeds 'n paar keer na verwys is, is dit duidelik dat hulle deel was van die seminaar waar gesê is dat die taak is om die "black local authorities" te "destroy". BEWYSSTUK C99 het, bevestig ERAPO dat hy bedrywig is te Daveyton in die huurverhogings en hy eis Daveyton as een van sy suksesse. UDF verklaar in BEWYSSTUK W42 in paragraaf 5.5 dat daar wel skoleboikotte was en dat daar tot vyfduisend skoliere deelgeneem het in Daveyton.

Dan verwys ek op bladsy 911 na BEWYSSTUK ABA65. Dit is 'n pamflet wat deur Aubrey Nxumalo, Star Motswege en Aubrey Mahlangu van COSAS uitgedeel is daar onder die leerlinge. Ek sê vir die hof in my betoog dat uit hierdie dokument is dit duidelik dat die skoleboikotte wat uitgebreek het was 'n georganiseerde ding gewees. Nie 'n spontane ding nie en wat ook insiggewend is is dat uit hierdie dokument uit word vertel dat die skoleboikot is gemik teen "bantu education", die swartonderwys, maar nie een van die verdedigingsgetuies het kom getuig oor die griewe wat hulle daar gehad het en hoekom die skoleboikot aan die gang was, het dit as 'n rede gegee nie. Dit is duidelik uit hierdie dat die sogenaamde griewe wat daar bestaan het, is weer goed wat opgedis is, wat nie werklik bestaan het nie, wat voorgehou was aan die hof as redes waarom hulle geboikot het. Van bladsy 912 tot 914 vra ek die hof om uit al die bostaande te bevind dat UDF wel die kampanje teen die swart plaaslike besture ook hier gekoördineer het, dat ERAPO die leiding geneem het in

hierdie/...

hierdie kampanje in Daveyton, dat ERAPO help beplan het om die plaaslike bestuur aldaar te vernietig, dat die huurkwessie opgeneem is, dat UDF in Daveyton ook deelgeneem het aan die stryd deur onder andere meer sprekers te verskaf by die begrafnisse, dat die skoleboikotte ŉ beplande ding was en dat konfrontasie met die polisie uitgelok was, dat die teikens die raad, sy eiendom en die polisie was tydens die onluste en ook dat die begrafnis op 8 September deur UDF, COSAS, SOYCO en ERAPO uitgebuit is om die massas op te sweep en hulle te vereenselwig met die ANC en die gewelddadige stryd asook dat die wegbly-aksie in November 1984 in Daveyton afgedwing is, gewelddadig afgedwing is en dat die mense gekeer is om te gaan werk. Dan laastens dat die skoleboikot en die kampanje teen die plaaslike bestuur deur UDF en sy affiliale gevoer is as deel van die sogenaamde "liberation struggle".

Die volgende is Tsakane. Ek vra die hof om te verwys na bladsy 915. Net eerstens, paragraaf 1.1.1 daar word gesê Tsokane, dit moet wees Tsakane. Dit is ŉ tikfout. Ek vra die hof om te bevind dat UDF, COSAS, Tsakane Youth Congress en die Silvertone Ad hoc Homeseekers committee het ten noue saam gewerk. Dit blyk ook uit BEWYSSTUK C119 wat ŉ paar maal al na verwys is, dit is ŉ UDF Emergency Working Document waar UDF sê dat hy koördineer die stryd in Tsakane. Ook is dit duidelik uit BEWYSSTUK E2 dat UDF reeds voor hierdie datum 25 September 1984 betrokke was, want hy sê hy het ŉ "workshop" gehou in Tsakane.

Dit is uit bladsy 916 duidelik dat COSAS aktief betrokke was in Tsakane. Dan paragraaf 1.1.6 sal die hof merk, ek het daar geskryf SOYCO en dan in hakies TSAYCO. Die notule praat van SOYCO, maar ek is oortuig daarvan dit is ŉ

tikfout/...

tikfout. Dit moes wees TSAYCO en die Tsikane moet wees Tsakane in dieselfde paragraaf.

Dan op bladsy 917 wys ek uit dat die verdedigingsgetuies wat beweer het dat COSAS en TSAYCO eers in Februarie/Maart 1985 gestig is in Tsakane is strydig met die verdediging se eie stelling.

Op bladsy 921 verwys ek na die getuie Nhlapo van die verdediging waarop die daarop dui dat op 12 Februarie 1985 toe hulle na die raadskantore toe is, heel bo aan, het hulle gegaan om die blankes te gaan wys ons is "united", ons is verenig. Die volgende twee paragrawe maak dit duidelik dat die man teenstrydige getuienis aflê oor wanneer wat sou gebeur het in Tsakane. Dit is duidelik dat hy nie weet, seker is van sy datums oor wanneer wat gebeur het nie.

Ek maak op bladsy 922 dit duidelik dat die raadstelsel as een van die teikens van Tsakane identifiseer is. Volgens BEWYSSTUK C110 van UDF en in paragraaf 2.1 maak ons dit duidelik dat die kwessie van "rents and shacks" was die knelpunte wat hulle uitgewys het wat gebruik moet word.

Op bladsy 924 paragraaf 3 en 4 daar aan die onder punt van die sin staan daar "vergelyk byvoorbeeld." Ek vra dat die hof dit net doodkrap. Dit word betoog volgens hierdie paragraaf dat die getuie Nkhonza se betrokkenheid by feitlik al wat 'n bedrywigheid rondom die boikot en die knelpunte in Tsakane is, is net te toevallig om waar te wees. Dit is 'n werklose man, 'n opgeleide onderwyser. Hy is eintlik van Johannesburg, maar hy is by al wat 'n bedrywigheid is betrokke hier in Tsakane.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MNR. FICK : U Edele, van blady 925 tot bladsy 931 behandel

die/...

die staat die getuienis van mnre. Diale, Maseko en Nkhonza oor die begrafnis van Diale en uit die bladsye uit is dit duidelik dat hierdie getuies daar mekaar weerspreek en veral ten aansien van oor wat die polisie sou gedoen het. Hierdie geval is weer een van die gevalle waar die polisie onregverdig en onredelik sou opgetree het en geskiet het op die mense. Uit hierdie bladsye is dit duidelik dat die getuies mekaar wesenlik weerspreek oor hoe die polisie dit sou gedoen het. Ek vra die hof om daardie getuienis te verwerp in daardie opsig.

Dan verwys ek u na bladsy 932. Daar is dit eerstens duidelik dat die getuie Nkhonza is hier weer diep betrokke by hierdie begrafnisreëlings. Hy tree op as seremoniemeester en hier is ook vryheidsliedere op hierdie begrafnis gesing, volgens bladsy 933 en paragraaf 3.1.3 daar is ŉ woord uitgelaat. Dit moet wees "banier". Die tweede deel. Dit moet wees "Daar is geen banier."

Dan verwys ek u na die getuienis oor die begrafnis van Andries Raditsela. Daardie begrafnis is weer eens ŉ begrafnis waar die organisasies betrokke was wat met hulle baniere daar geloop het, UDF, COSAS en die vakbonde. Daar is selfs een waar die rewolusie gepropageer is en daar was ŉ AK47 uitgebeeld op die banier. Daar was ook dieselfde oggend van die begrafnis drie bomontploffings gewees in Brakpan by staatsgeboue.

Dan wil ek u verwys na bladsy 936 waar daar weer getuienis is deur sersant Coetzer van die staat waar hy sê dat die dag van die begrafnis toe die agt mense begrawe is, was daar weer aanvalle dieselfde dag gewees by die enkelkwartiere van die gemeenskapsraadspolisie. Dit is weer ŉ aanduiding van hoe die mense by die begrafnis opgesweep is.

Op bladsy 940 paragraaf 6.1 wil ek die hof daarop wys

dat/...

dat by die boikotte wat aan die gang was, was daar selfs sewe laerskole wat ingesluit was by hierdie boikotte wat aan die gang was. Ook die jeug, klein kindertjies, word ingesleep by die vryheidstryd.

Op bladsy 941 is dit die verdediging se saak in paragraaf 6.3 dat die geweldpleging in Tsakane eers ontstaan het na die weermag die woongebied betree het, maar uit BEWYSSTUK W21 is dit duidelik dat daar aangehaal word op bladsy 3 dat daar word gesê "Tsakane" dan sê hulle "The SADF units moved in with the police to guard the clinic, the post office and the shops after two beerhalls were burnt down." Dit weerspreek die verdediging se weergawe dat die geweld eers na die weermag in die gebied ingekom het uitgebreek het.

Ek verwys u na bladsy 945 en 946. Dit is die getuienis van Maseko wat handel oor die skoleboikotte en COSAS. Ek vra die hof om te bevind dat hierdie man uit sy pad uit gegaan het om COSAS uit die ding uit te hou en sy onkunde omtrent COSAS is geveinsd. Dit blyk op bladsy 946 dat die skoolhoof inderdaad by die skool weggejaag is deur die leerlinge tydens die boikot. Die man is weggejaag en daar weer eens word vertel dat hulle 'n "guard of honour" vir hom gevorm het toe hulle hom weggejaag het van die skool af. Ek wil u vra op bladsy 946 dat die hof moet bevind dat UDF ook hier weer eens as die sambreelliggaam betrokke was by die gemeenskaps- en studente bedrywighede en dat hulle die vryheidstryd ook hier deur die gebruikmaking van sekere knelpunte in 'n bepaalde rigting gestuur het as deel van die vryheidstryd.

- - - - - - - - - -

ATTERIDGEVILLE EN SAULSVILLE :

MNR. JACOBS : Edele, in Atteridgeville/Saulsville wys ons

op/...

op bladsy 947 uit in paragraaf 1 die organisasies wat hoofsaaklik daar opgetree het. Ek sal net die afkortings gebruik. ASRO, SAYO, COSAS en die gebieds-, areakomitee van UDF wat gesetel was in Pretoria. Op indiwiduele grondslag het beskuldigde nr. 21 'n aandeel gehad in die aktiwiteite in hierdie gebiede, want hy was die organiseerder van Noord-Transvaal streek vir UDF. Uit die hoogste hiërargie van UDF het die volgende persone daar in hierdie gebied gaan optree. Die eerste een wat ons noem is beskuldigde nr. 19 en die plek waar hy is. Die tweede een, beskuldigde nr. 20, ek kon nie daardie verwysing kry nie. Ek vra dat u hom uithaal. Ek weet hy was daar op 'n stadium, maar ek kon toe nie die bewysplaas kry nie. D. Mahapo, eerwaarde Mkhatswa, dr. Motlana, Ismail Mohammed, Frank Chikane, Amanda Kwadi en Deacon Mathe.

Op bladsy 948 die metodes wat aangewend was om die mense te mobiliseer en te politiseer was gewees, daar was knelpunte gebruik om hulle emosioneel op te sweep. Dan op massavergaderings was die massas opgesweep. Aan die nasionale uitvoerende komitee van UDF was daar 'n verslag gedoen omtrent wat gedoen word in verskillende plekke en dan word daar ook verslag gedoen oor hierdie plek en in BEWYSSTUK E2 "Transvaal report to the national executive" op 5 November 1983, veral daar paragraaf 1.2 wil ek aanhaal. "All of these mass meetings were held in the name of the local affiliates. In almost all these meetings the focus was either on the constitution act or the black local authorities act. Workshops were conducted in the Northern Transvaal" en dan verwys hulle daar spesifiek na Atteridgeville en Mamelodi en op bladsy 2 in paragraaf 7 spesifiek oor swart plaaslike besture was daar gerapporteer "A program of door to door work, house meetings

and/...

and mass meetings would culminate in a series of rallies at the end of November. The process has been set in motion in all areas except certain Eastern Rand townships." Nou, dit sluit dan ook - my submissie is dat dit sluit ook hierdie in Pretoria in. Ons sê dat UDF self het ook meegedoen aan die vergaderings. Dat BEWYSSTUK 17 staan daar "Rallies are being organised in Soweto and Pretoria" en dan veral van belang in hierdie geval "Pretoria and the West Rand to be held on 16 December 1984" en vir Pretoria was D. Mahapo deur UDF aangewys om hierdie vergadering in Pretoria te gaan hou. Die huisbesoeke was deur SAYO gedoen en die jeug daar en so was dit gerapporteer aan UDF in paragraaf 3 op bladsy 949. Dit word deur SAYO self bevestig aan UDF dat hulle so 'n kampanje beplan en dan in BEWYSSTUK K1 "Minutes of Transvaal General Council Meeting" daar heel onder sê hulle "SAYO house to house campaign planned." So, hulle het hulle beplanning gedoen en dan hulle beplanning gerapporteer terug aan UDF.

Dan op bladsy 950 het die getuie wat die verdediging geroep het, dr. Nkomo erken om hulle idees te populariseer dat hulle dit gedoen het. Dan sê ons verder daar daar is pamflette versprei in die gebied om hulle mobilisering en organisering van die massas te doen en die massas te bereik en hulle idees by die massas tuis te bring en dr. A.S. Nkomo het bevestig dat pamflette versprei was en dat SAYO hulle daarmee gehelp het. Daar was ook die getuienis gewees dat SAYO het UDF pamflette ontvang wat daar versprei was in die gebied en op die vergaderings in die woongebiede was vryheidsliedere gesing en slagspreuke geskreeu. Ons het die getuienis voor die hof waar dit weer 'n assosiasie is met die ANC en

dan/...

dan oor die skakeling met UDF wat dan meer saamgevat word hier op bladsy 950 paragraaf 6 deur eerste wat ons sê dat daar knelpunte identies met dié deur UDF geïdentifiseer en gebruik en ons gee ŉ hele aantal verwysings daarso.

Dan affiliasie met UDF het plaasgevind deur hierdie organisasies. Dan wys ons daarop dat Deacon Mathe van SAYO was ook ŉ lid van die uitvoerende bestuur van UDF Transvaal en hy was aktief in die gebied. Cedric Kekana was ŉ lid van SAYCO en AZASO besture en het aktief in die gebied opgetree. Eintlik nie net in dié gebied nie. Ons weet sy beroemde toespraak van hulle moet hulle "unworkable" maak op die vergadering van SOYCO dink ek se stigting. Nee, UDF Youth Rally se vergadering en hy het ook opgetree, as ŉ mens reg onthou, in Huhudi in Vryburg. So, blykbaar was daar ŉ groot premie geplaas op hierdie Cedric Kekana.

Dan sê ons dat daar was ŉ areakomitee, die vyfde punte, van UDF in Pretoria gewees en waarop die organisasies in Atteridgeville/Saulsville gedien het. Daar was van UDF plakkate gebruik gemaak deur ASRO en dan wys ons ook uit dat ASRO die doelstellings en beleid van UDF ondersteun en uitvoer, dat hulle hoofdoel was om die massas te organiseer en te mobiliseer om aan die vryheidstryd deel te neem. Ons wys na getuienis daaroor wat gegee was. Ons wys daar onder ook dat ASRO gekant is teen die beleid van die regering en dat ASRO ook sy deel doen om die massas in te lig tot hierdie effek. Dit is die getuienis waar ons verwys daar na van die dokter en dan die laaste punt om saam te vat was dat verskeie UDF leiers het daar kom toesprake lewer in daardie gebied.

Beskuldigde nr. 21, dit is gemeensaak dat beskuldigde een van die sekretarisse is van UDF Transvaal. Verder

was hy aangestel as die UDF organiseerder in Noord-Transvaal en die staat se getuienis het bewys hierso dat hy aan hulle gesê het, daardie tweede sin in daardie paragraaf is daar blykbaar ŉ woord uitgelaat toe hy getik was. Die sin lees ŉ bietjie lomp. "Ek het toe hulle hom gespreek het, het hy gesê" moet daar inkom na die eerste "het". "Het hy gesê dat hy as UDF beampte leerlinge van Pretoria moes aanmoedig om klasse te boikot totdat aan hulle eise voldoen was." As ŉ mens net vir ŉ oomblik hier stilstaan en terugdink aan al die bewyse wat ons so ver behandel het op al die plekke, dan wys ek dit was een van die primêre doele van UDF. Dit is herhalend gesê in daardie een brief van beskuldigde nr. 20 byvoorbeeld spesifiek dit is ŉ oorwinning, hulle is op die punt om ŉ oorwinning te behaal oor hulle eise. Die leerlinge. Hulle moet daarby staan en hulle moet dit probeer bewerkstellig en hierdie pas presies in by die hele opsit en die hele beleid van UDF en sy trawante in hierdie verband. Dat skoleboikotte moet aangewend word en dat aan hulle eise voldoen word.

Dan wys ons daarop in bladsy 952 paragraaf 3 dat kampanjes na 1983 het dit geïntensifiseer na die verkiesing en dit is ŉ belangrike punt hoekom ons hom hier spesifiek ingesit het. U sal onthou dat hulle sê UDF se kampanjes het tot ŉ einde gekom na November verkiesings, maar hier kry ons nou ŉ aanduiding dat dit nie die geval is nie en hier is spesifiek gesê dat dit moet geïntensifiseer word. Ek verwys dan hier spesifiek na en die doel daarmee was die vernietiging van swart plaaslike besture wat nou tot stand gekom het en ons verwys hier na hierdie dokument wat deur UDF uitgegee is. Ek haal groot dele uit hierdie dokument uit aan en ek dink daar is net twee dele wat ek nodig het om vir die hof te

lees/...

How can we popularise the people's demand for an alternative to black local authorities." Weer eens, dit wys dat hierdie kampanje wat nou voortgesit moet word en wat beplan word en vir die toekoms doelstellings gestel word, een van hulle is juis hoe dat "people's power" daar gevestig kan word deur beheer uit te oefen deur sogenaamde "alternatives to the black local authorities" te stig. Dan op bladsy 25 waar dit spesifiek verwys na Saulsville en Atteridgeville, organisasies ASRO "Atterigeville and Saulsville Residents Organisation." Wat het hulle bereik. As van hierdie winste wat ons netnou gesê het UDF sê is die burgemeester. Z.T. Mashao het bedank, die raad se huur moet verhoog weens die skuldelas van R2.9 miljoen, anders besnyding van die dienste. Mashao se verhogings geregverdig. Hy sê die raad is kwaad vir die regering weens versuim om die infrakstruktuur en die dienste se subsidieer. Hierdie kom uit BEWYSSTUK C110 uit. As die regering die raad subsidieer sou die raad beter kans hê om inwoners te oortuig en om hul rol te speel en te betaal vir die dienste. Dit is wat hulle gestel het wat die burgemeester sou gesê het toe hy bedank het. Die knelpunte
K1463 wat in C110 genoem word wat gebruik was is die raad verhoog huur met 20% vir standplase, kerke en besighede, ASRO protesteer teen die verhogings. Dit is ook gedoen deur Atteridgeville Chamber of Commerce waarvan Mashao die voorsitter is. In Augustus word huurverhoging ongeldig verklaar en was deur die minister goedgekeur nie. Vyfhonderd inwoners het 'n petisie geteken wat verhogings verwerp en eis die bedanking van die raadslede en na wydverspreide onluste besluit die raad in September om die tariefverhogings op te skort. Dit is insiggewend in hierdie laaste punt dat die verhogings is

alleen/...

lees op hierdie stadium. Daar word gesê "The last five months have been" dit is hersien "have seen" dit is ŉ "s" daardie "have seen heightened resistance to the black local authorities in townships throughout the Transvaal. It has forced over thirty-seven councillors to resign and left the black local authorities without a shred of legitimacy in the communities they are supposed to govern. Despite this, the campaign against the black local authorities is not over. While councils may not operate effectively, townships are not democratically controlled by the residents." Dit het ook ŉ duidelike aansluiting hierso dat die beheer van stadsgebiede moet oorgeneem word deur die inwoners.

Dan op die volgende bladsy, bladsy 954 waar daar in bladsy 8 aangehaal word "The state of black local authorities in the Transvaal." Dan word daar gesê "The resignation of councillors and the suspension of the rent increases has been an important victory for the front and its affiliates." Dit is ook weer eens waar daar orals bedankings is, is dit ŉ oorwinning vir UDF. ŉ Duidelike bewys van UDF se oorhoofse beheer.

In paragraaf 2 op bladsy 954 wys ons dat UDF wil die kampanje uitbrei en hoe dit in Saulsville en Atteridgeville bedryf word. Op bladsy 12 van daardie dokument "The way forward." "The following issues need to be considered by the front in taking forward its campaign against black local authorities." Hier is nou nog weer ŉ bewys dat daar is nie so iets dat hierdie kampanje tot ŉ einde gekom het nie, maar hier is nou duidelik ŉ bewys dat hierdie kampanje moet nog in die toekoms voortgesit word en as ons op die volgende bladsy lees en dan verder aangaan "How can the front generalise against the black local authorities throughout the country.

alleen opgeskort na wydverspreide onluste.

In die volgende punt op bladsy 956 paragraaf 3 word daar gewys deur UDF se sekretariaat en in hulle verslag dat die organisasies voer die kampanjes uit en dat UDF het 'n ondersteunende taak wat hulle uitgevoer het. Die aanhaling wat ek daar aanhaal is van BEWYSSTUK N3 en die laaste deel daarvan wil ek net lees "UDF Transvaal played the role of providing information, general co-ordination, assisting organisations in planning activities and producing publications." Dit is belangrik dat die koördinerende rol van UDF word spesifiek hier genoem en uitgewys deur hulle en om die uitvoering van hierdie kampanjes ook toegepas word en wat meer is, hulle bevestig hierso dat hulle beplan aktiwiteite wat hierdie organisasies moet uitvoer.

Dan wys ons wat is gedoen in hierdie gebied Saulsville/ Atteridgeville op bladsy 957 op 4 November 1984 volgens die getuie het ASRO 'n massavergadering gehou waar dr. Nkomo die spreker was en waar hy ook vir die massas daar ingelig het en by hulle tuisgebring het dat ASRO dit reggekry het om huurverhogings opgeskort te kry en dan stig hy die gehoor aan dat hulle druk moet uitoefen op die raadslede sodat die raadslede moet bedank en dan wat verder is, dan stig hy skoliere aan om skole en klasboikotte voort te sit tot aan hulle eise voldoen word. Ons sê dat hierdie getuie wat daaroor getuig het se getuienis oor hierdie aspek word ook in 'n mate gestaaf deur die pamflet wat dieselfde tyd versprei was. Dit is AAW5 en waarin hulle ook die eer opgeëis het dat hulle die massas spesifiek genooi het, dat hulle die eer opeis dat hulle die huurverhoging afgestel gekry het en die massas spesifiek genooi het om te gaan hoor wat die sprekers

oor/...

oor hierdie knelpunt te sê gehad het. So, dit was 'n uitnodiging aan die massas aan die een kant, hulle moet kom luister wat hulle te sê het en dit is wat hy gesê het dan daar ook vir hulle.

Op bladsy 958 die vergadering is op 17 Februarie 1985 gehou, 'n massavergadering. Daaroor is pamflette versprei en in hierdie pamflette was daar sekere sentrale knelpunte saamgevat. Die huur was 'n sentrale punt of 'n sentrale tema op hierdie vergadering en op hierdie vergadering het twee UDF sprekers, sou daar optree volgens die advertensie. Die knelpunt wat daar in hierdie pamflet saamgevat is, is die knelpunte rakende verhoogde huur en die sprekers wat daar van UDF sou gewees het was beskuldigde nr. 19 en eerwaarde Mkhatswa. Die bewysstuk is by die hof ingehandig as BEWYSSTUK AAW6.

Dan oor 'n massavergadering wat gehou was op 17 Maart 1985 het ASRO 'n pamflet uitgegee en die knelpunte dat hulle nie die huur - nie betaling van die huurgelde totdat die huur verminder is nie en dat die verskuiwing van die huurmotorstaanplek opgeneem was as 'n knelpunt. Hierdie bewysstuk is BEWYSSTUK AAW7.

In bladsy 958 paragraaf 7 wys ons uit dat die kampanje teen swart plaaslike besture wat in Atteridgeville bedryf was het uitgeloop op geweldpleging.Op 27 en 28 November 1984 is die huise van twee raadslede met petrolbomme aangeval. In November 1984 op bladsy 959 het skole-onrus nog steeds voortgeduur en in intensiteit toegeneem en druk op raadslede om te bedank het ook toegeneem en raadslede was uitgemaak vir "puppets" - as "puppets" van die witsisteem op COSAS en ASRO vergaderings en hulle was ook, die mense was wys

gemaak/...

gemaak dat hulle moet aandring dat raadslede moet bedank. Dit het in die getuienis uitgekom en ook BEWYSSTUK AW10 het hier betrekking. Die Black Christmas kampanje was bedryf deur COSAS in hierdie gebied en daarin, om dit te bedryf het hulle ook 'n pamflet daar versprei. Dit is die plaaslike tak daar van COSAS wat dit versprei het en waarin 'n smeerveldtog teen die regering wat hulle sou treiter en onderdruk uitgebring word. Die popularisering van politieke aangehoudenes in daardie pamflet, die werkers en werkloses word gebruik as 'n knelpunt in daardie pamflet. Die swart plaaslike besture word gekoppel aan die knelpunte soos huurverhogings in daardie pamflet en die swartonderwys as 'n knelpunt gekoppel aan swart studenterade en huurverhogings en die Education Charter word ook in daardie pamflet beliggaam en ook Emma Satekge word in hierdie pamflet hulde aan gebring en dit bevestig dat sy ook 'n vorige lid van COSAS was.

Ons wys dan uit op bladsy 960 dat dr. Nkomo, die getuie wat die verdediging geroep het, bevestig dat gedurende die huisvergaderings het hulle die inwoners gemobiliseer en georganiseer deur gebruik te maak van swart plaaslike besture as 'n knelpunt. Op die massavergaderings was verkondig dat die raadslede "puppets" was, dat raadslede huur verhoog en mense belas. Op die massavergaderings het ASRO sprekers dit by die gehore tuisgebring dat raadslede moet bedank. Hy het dit bevestig dat dit was die beleid van ASRO dat die raadslede moet bedank en hy het dit ook hier erken en gesê dat as raadslede bedank het, dan sou die massas besluit wat raadslede moes vervang. Hy het ook erken dat die raadslede wel bedank het en dat die eiendomme van raadslede aangeval was en het gesien dit was beskadig. Hy het gesien dit was beskadig. Hy het

bevestig/...

bevestig in sy getuienis dat skole in die gebied beskadig was. Hy het ook bevestig dat huise van polisiebeamptes in die gebied aangeval was. Hy het bevestig dat die kantore van die superintendent, dit is raadseiendom, was beskadig. Hy het bevestig dat die winkels van raadslede was gebrand gewees.

Ons wys weer hierso dat die knelpunte van swartonderwys of die knelpunt van swartonderwys was van uitsonderlike belang vir UDF ten einde die militante jeug te gebruik. Die punte wat ek reeds uitgehaal het toe ek Cradock behandel het, is algemeen toepaslik ook in hierdie gebied. Ek haal hier net 'n paar ekstras by wat ek nie hier behandel het nie. Dit sluit aan by hierdie - hierdie is nou net om nie daardie te lank te gemaak het nie, is party nou hier oorgesit, maar almal sluit aan by waar skoleboikotte plaasgevind het, is dit die doelstellings van hierdie organisasies wat daarso duidelik uitgewys word.

Ek gaan oor na bladsy 964. Ek wil net daar uitwys wat daar gesê word van SAYO onder BEWYSSTUK AAU bladsy 8. Dan word daar van SAYO gesê, ek wil net hier lees kortliks "And organise the young people from these areas. It draws it membership from nations cultural, sport and church groups and welcomes any group which accepts its aims. Because of the lack of organisation in the area SAYO will organise and unite the youth of Saulsville/Atteridgeville." Die volgende een "Take up problems affecting youth. Articulate the social and political outlook of the youth in accordance with the non-racial democratic principles." Die volgende een wat hy sê "According to the president of SAYO the organisation pledges to grow side by side with other organisations nationally so as to emerge with one national youth organisation which

will/...

will enable youth to participate in a non-racial democratic struggle." So, hier kry ons uit die geledere, uit die mond van SAYO self dat dit gaan oor die vryheidstryd, ŉ een "non-racial democratic struggle."

In paragraaf 4 daarso op bladsy 964 wys ons daarop dat COSAS reël al sedert 1983 in hierdie gebied en dit word gestaaf. Daar is ŉ aanhaling "The Department of Education and Training (DET) was setting the scene for a year of conflict. The blind eye - their blind eye on grievances and deaf ear on demands forced a mood of militancy on students and they began gearing up to back their calls with further action." En dan net ŉ entjie aan "In Atteridgeville students boycotted classes demanding recognition of SRC's they had already elected from the first day of 1984. This campaign continued." Verder het die verdedigingsgetuie Nkomo dit ook bevestig en wys daarop dat dit alreeds in 1983 daar begin het. Ons sê dan ook dat COSAS voer die UDF programme uit. Ons wys daarna op bladsy 966 en ons verwys na die dokument. Ek gaan ook uit hierdie aanhaling wat redelik lank gedoen is hierso net grepe uit lees. "A co-ordination committee has been formed in Pretoria to put the program of action of the United Democratic Front into effect in the region." Dan ŉ bietjie laer af word gestel dat "Youth organisations. The Saulsville/Atteridgeville Youth Organisation (SAYO), the Mamelodi Youth Organisation (MAYO) and the Congress of South African Students (COSAS) are doing most of the door to door work in the communities. This aspect of the campaign began before the UDF program of action was formulated. The youth go to every house in Mamelodi, Atteridgeville and Saulsville, talking about the problems experienced in the townships, the need for residents to have

their/...

their own organisations and the importance of not voting for the community councils in November." Dan heel onder "Issues such as rents, as high rents, poor housing, dirty streets and the dumping of garbage next to the location will be highlighted."

Dit wys hier hoe dat alreeds presies die programme van UDF uitgevoer was en dat hulle al daarmee begin het voordat die program nog werklik aangekondig was of uitgebring was en 'n mens kan dan net wonder of dit beskuldigde nr. 21 se invloed daar was dat hy al begin het met hierdie dinge.

Op bladsy 967 wys ons daar uit dat getuie Du Toit het ook bevestig dat die skoleboikotte en skole-onrus voorgekom het in 1984. Daarvolgens het skole gesluit in 1984. Toe die skole op 11 Oktober 1984 moes open, het 'n pamflet in die gebied verskyn wat daar versprei was en waarin die leerlinge teen swartonderwys se geskiedenis saamgevat is, die stryd en hulle het daarin herbevestig hulle vasberadenheid om die stryd voort te sit totdat swartonderwys vernietig is en vervang is met die "people's education" en die vestiging van 'n "people's republic". Dit is BEWYSSTUK AAW8 wat hierdie bevestiging daar in die gebied gebring het dat dit gaan nie oor net plaaslike probleme nie en dat COSAS hierso spesifiek sê dat dit gaan oor "people's education" and "people's republic". Ander pamflette wat daar versprei was behandel ek vervolgens in die hoofde waarin hulle eise uiteengesit word. Dit is weer studenterade, lyfstraf soos wetlik voorgeskryf in teksboeke van alle studente, afskaffing van ouderdomsbeperking, staking van seksuele vergrype teen skooldogters, afdanking van ongekwalifiseerde onderwysers en dan beklemtoon hulle op hierdie pamflet "We shall stop at nothing to fight for these demands." Dit is 'n groot mondvol gesê dat niks

hulle/...

hulle sal keer hierin nie en dit is die boodskap wat gebring word aan die inwoners van die gebied, die gewone mense wat dit sien.

Die heropening van die skool dan verder wat 11 Oktober 1984 heropen het en waar hierdie plakkaat wat sê niks sal hulle stop nie, word die leerlinge deur 'n groep jeugdiges van die hoërskole - word die leerlinge van ander skole geïntimideer om nie die skole by te woon nie en aanvalle vind daar plaas op die polisie. Ander kinders word daar geforseer om uit die skool te gaan. Op 23 Oktober 1984 was die D.H. Peta skool was leerlinge en onderwysers geïntimideer daar. Daar was by daardie geleentheid klipaanvalle by die skool self na die skool toe en toe die polisie gekom het om die vrede te herstel was daar klipaanvalle teen die polisie.

Vervolgens wys ons daarop op bladsy 969 dat die wegbly-aksie soos gereël deur COSAS en ander organisasies vir 5 en 6 November 1984 ook by Atteridgeville toegepas was en dat dit het uitgeloop weer hierdie wegbly-aksie, soos op al die ander plekke waar ons getuienis van gehad het waar dit toegepas was op geweldpleging. Ons sien daar dat die strate was versper met klippe en motorwrakke, afleweringsvoertuie en PUTCO busse was aangeval met klippe en klippe gegooi deur die jeugdiges en toe die polisie opgetree het was ook die polisie aangeval en met klippe gegooi. By hierdie geleentheid was daar ook 'n pamflet versprei met sekere eise wat daar onder die mense versprei was dat die Weermag en die Polisie moet onttrek uit die woongebiede, die huurverhogings moet gestaak word, alle raadslede van swart plaaslike besture moet bedank, alle aangehoudenes en politieke gevangenes moet vrygelaat word, alle ontslane werkers moet heraangestel word,

verhoging van bustariewe moet gestaak word, intrekking van alle AVB en belastings moet geskied.

In Februarie 1984 het daar geweld uitgebreek by hierdie betrokke skool. Dit is die D.H. Peta skool. Die polisie moes ingryp en die polisie was met klippe gegooi. Ons sê dat die polisiegetuienis word bevestig van die gebeure daar op bladsy 971 paragraaf 8, want dit word bevestig deur die dokumente wat uitgegee was, BEWYSSTUK W21, dat soos die polisie-aksie toegeneem het, het konfrontasie in Atteridgeville toegeneem en het botsings met die polisie toegeneem. By die begrafnis van Emma Satekge dat hulle ongeag die owerhede se teenstand, sal hulle teenaksie neem en hulle sal rebelleer en dan haal ek daar aan en ek wil net die een sin lees wat hulle sê hoe belangrik hulle dit beskou "Despite assassination, division harassment, detention and death in detention, we will prove in action that Bantu education is evil. We will revolt against it until it has been utterly scrapped."

Ek wys dan ten laaste daarop dat op 14 Oktober 1984 was 'n konferensie gehou oor die "Education Charter" kampanje om dit te loods. Die vergadering was georganiseer deur COSAS. Die getuie, dr. Nkomo, het as voorsitter van ASRO die verwelkoming van die sprekers gedoen. Van UDF was Amanda Kwadi daar, Deacon Maate was daar, Frank Chikane en ek wys daar na die plekke waar dit gekry kan word. So, as 'n mens hierdie hele situasie saamvat, soos in Atteridgeville gebeur het, dan blyk ook weer duidelik dat al die onrus, al die moeilikhede wat daar ontstaan het was as gevolg van die organisering deur hierdie spesifieke organisasies, die mobilisering van die massas deur hulle en die opsweping van die massas en dat hierdie opsweping en alles het geslaag om die

massas/...

massas sover te kry om oor te gaan tot geweldpleging wat ons hier behandel het en wat daaruit voorgekom het.

Dit voltooi dan hierdie deel van Atteridgeville.

- - - - - - - - -

TEMBISA :

MNR. FICK : Die bladsye 973 tot 977 van die staatsgetuie Mabel Manuel was ŉ skreiende voorbeeld tot watter uiterstes COSAS kan gaan om begrafnisse uit te buit. Hierdie vrou se dogter is dood. Sy is nie toegelaat om die kis wat sy betaal het en wat sy vir haar dogter uitgesoek het te gebruik nie. Sy was nie toegelaat om die kranse wat gekoop was vir haar dogter te gebruik nie. Daar was vir haar gesê "Ons vat jou motor se nommer. Jy kan kom as jy wil." Dan moet sy later lees in ŉ program allerhande onwaarhede oor haar dogter en dat sy deur COSAS begrawe is.

Op bladsy 977 is dit duidelik dat die Tembisa Civic Association, Tembisa Youth Organisation bestaan het en as organisasies in 1984 daar geopereer het.

Dit is ook duidelik uit bladsy 978 paragraaf 2.7 dat hulle vergaderings gehou het in die gebied en dat hulle plakkate daar opgeplak het in die gebied. Die plakkate is van UDF en dit handel oor die Suid-Afrikaanse Polisie en die weermag wat uit die gebied moet onttrek en het die UDF self gepopulariseer.

Dan word dit op bladsy 979 in paragraaf 2.12 duidelik gemaak dat daar padversperrings was in Tembisa en in die tydperk Oktober tot November was daar ook oproer in Tembisa en etlike geboue en motors en wonings was beskadig.

Dan op bladsy 982 bo aan, paragraaf 2.13.7 is daar ŉ tikfout. Dit moet wees 5 tot 6 November. Daardie Mei is

verkeerd/...

verkeerd. Daar is ȟ aantal mense oorlede.

HOF : Dit is nou 1984?

MNR. FICK : 1984. Ekskuus, ja. Ek moet dit net byvoeg. Is daar ȟ aantal mense oorlede. Die verdediging het ȟ getuie geroep, mnr. Mokwebu.

HOF : Wat is ȟ redelike aantal mense wat gedood. Ek het gedink as een mens dood is, is dit al ȟ onredelike aantal.

MNR. FICK : Ek het aan dieselfde ding gedink, maar sover ek kan onthou is dit ȟ aanhaling soos dit getolk was. Daarom het ek dit onder duideliker gemaak en gesê meer as sewe is dood, maar daar is net sewe begrawe. Dit het my ook getref dat dit kan nie redelik wees nie.

Bladsy 985 is daar ȟ bespreking van die getuie Mokwebu. Hierdie man het gesê hy het die TCA se komiteevergaderings en massavergaderings nie bygewoon nie. Hy het slegs vergaderings bygewoon waar die areaverteenwoordigers van TCA ôf met die publiek wat spesifiek genooi is gepraat het ôf waar net die areaverteenwoordigers by was. Sy getuienis in paragraaf 2.14.18 wat hy sê dat die TCA was nie met die UDF geaffilieer nie is ooglopend vals. Hierdie spruit dit uit BEWYSSTUK A1 wat aantoon op bladsy 60 dat die TCA een van die stigterslede van die UDF is. Daar was geen getuienis verder van die verdediging aangebied oor hierdie aspek om dit op te klaar nie. Dit is net so gelaat in die lug. Die getuie bevestig op bladsy 986 paragraaf 2.14.22 dat daar onluste was gedurende die November wegbly-aksie. Hy is ongeloofwaardig in dié aspek op bladsy 987. Hy vertel vir die hof hy bly twee dae weg van die werk af, hy verloor twee dae se inkomste, hy hoor dit is om die polisie te dwing om mense wat aangehou is vry te laat, maar hy weet nie wie of waar die mense aangehou

is/...

is vry te laat, maar hy weet nie waarom die mense aangehou word en hy het ook nie probeer uitvind nie, maar hy bly weg.

Die volgende getuie wat die verdediging geroep het is mnr. Modise. Ek verwys u na bladsy 991. Dit is klaarblyklik duidelik dat hierdie man alles in sy vermoë gedoen het om alle inligting wat hy omtrent COSAS wat in Tembisa geopereer het van die hof te weerhou. Hy het selfs ŉ COSAS vergadering bygewoon, maar hy kon nie vir die hof sê wie hierdie mense is wat die vergadering gereël het of soos hy sê die mense voor by die tafel was nie. Sy getuienis is ooglopend leuenagtig in dié opsig.

Dit word betoog op bladsy 992 paragraaf 2.15.21 dat sy getuienis die hof glad nie van enige hulp kan wees oor die aktiwiteite van COSAS, MOYA of die TCA of die Tembisa Youth Organisation nie. Die hof behoort met respek nie op sy getuienis te steun met betrekking tot die sogenaamde spontane ontstaan van die griewe nie - by die skole nie. Ek sal weer daarna terugkom.

Die volgende getuie wat geroep was, was mnr. Ngobezi deur die verdediging. Dit blyk na ŉ groot gesukkel op bladsy 996 dat hierdie Ngobezi was inderdaad die sekretaris gewees van hierdie TCA. Hy vertel ŉ klomp teenstrydighede. Eers vertel hy vir die hof dat hy weet net van AZAPO se bestaan en van geen ander politieke organisasies in Tembisa nie. Later kom dit uit maar hy weet ook van COSAS se bestaan. Selfs dat COSAS het besware wat hulle teen die huurverhoging gehad het aan die TCA gaan voorlê. Hy vertel dan verder vir die hof aan die een kant hy weet van geen massavergadering wat COSAS en TCA saam beplan het nie, maar later blyk dit dat hierdie man - dat daar wel so ŉ gesamentlike vergadering

was/...

was en dit was gehou oor die huur, die busvervoer en die skolekwessie. Bladsy 996 en 997 boaan. Hierdie man verder toon die skakeling aan wat daar was tussen TCA en UDF deurdat hierdie sekretaris van die TCA is ŉ man wat met ŉ UDF nuusbrief sit, hy sit met die deklarasie van die UDF en met die UDF se kalender. Dit is op bladsy 998 verder duidelik dat hierdie man ook MSC vorms van UDF in die hande gekry het. Ook hierdie getuie bevestig dat daar "lots of incidents" was, soos hy sê in paragraaf 2.16.28 gedurende die wegblyaksie in November 1984 in Tembisa. Dit blyk uit sy getuienis dat die vorige sekretaris, mnr. Moloka bedank het uit die TCA omdat die TCA, volgens mnr. Moloka, nie samesprekings met die raadslede wou voer nie. Dit is die man se rede wat hy aangee hoekom hy weg is en ek wil vra dat die hof bevind dat dit inderdaad is wat daar gebeur het dat die TCA het nie ŉ beleid gevoer van samesprekings met die raadslede nie, maar in opposisie teen hulle en dan verder in paragraaf 2.16.31. Hierdie man kom sê vir die hof dat 83% van die inwoners van Tembisa word verteenwoordig deur die TCA, maar die TCA het nie ŉ enkele lid nie, ingeskrewe lid nie. Daar is niemand wat ledegeld betaal nie en ek wil met respek betoog dat hierdie is ŉ verdere bewys van hoe die organisasies soos die TCA die massas mislei en ook die hof probeer mislei om elke keer te vertel dat hulle verteenwoordig die "people" en die "community" en die "residents" en as dit op stuk van sake kom, dan het hulle nie ŉ enkele ingeskrewe lid nie.

Ek wil u dan verwys na bladsy 1 000. Dit gaan oor die begrafnis van 17 November 1984 waar sewe persone begrawe was te Tembisa. Ook by hierdie begrafnis is die begrafnis weer uitgebuit deur COSAS, FEDSAW, UDF en selfs Mamelodi

Youth/...

Youth Organisation. Hulle het ook soontoe gekom en hulle baniere kom vertoon daar en ook Ngobezi se ontkenning dat die TCA daar verteenwoordig was weerspreek BEWYSSTUK ABA46, die program, wat aandui dat daar was wel ŉ spreker van die TCA. Uit die dokumentêre getuienis is dit eerstens duidelik dat TCA wel geaffilieer is met die UDF. Hy was een van die stigtingsvergaderings A1. Ons sê in BEWYSSTUK W2 is dit verder duidelik dat daar bevestig word dat die TCA en wat bygestaan word deur die Tembisa Women's Group die raadslede beveg het en dit weerspreek die verdedidingsgetuies wat almal kom vertel het dat hulle weet van geen kampanje teen die raadslede nie.

Paragraaf 5.3 op bladsy 1 002, BEWYSSTUK AM15 is die UDF se "Occurrence book". Daaruit blyk dit, daar is drie verwysings, hoe die UDF geskakel het met Tembisa, die aktiwiteite. Ons sien hulle was gevra vir ŉ spreker by Brian Masibuko se herdenkingsdiens. Hulle was gevra vir ŉ spreker by hierdie 17 November, altans hulle was ingelig omtrent die begrafnis van 17 November 1984 en hulle is ook ingelig omtrent die TCA se massavergaderings. Ook volgens BEWYSSTUK ABA39 sou UDF ŉ massavergadering kom toespreek het in Tembisa waar dit gehandel het oor die "International Youth Year" in 1985. Uit BEWYSSTUK ABA46, dit is die program van COSAS vir 17 November 1984 se begrafnis is dit baie duidelik hoe UDF en hierdie ander organisasies almal saam gewerk het. Dit staaf ook die staatsgetuienis met betrekking tot die baniere daar van COSAS en UDF en dit word respekvol betoog op bladsy 1 003 dat die hof bevind in paragraaf 6.1 dat die TCA wel met die UDF affilieer het en dat daar nog steeds skakeling was tussen UDF en TCA soos dit blyk uit die bewysstukke aangehaal.

Ook/...

Ook dat die TCA die kampanje gevoer het teen die raadslede, dat die skoleboikotte in Tembisa ook deur COSAS inisieer is en dat dieselfde griewe wat daar gebruik is deur COSAS voorgehou is as dieselfde wat hulle gebruik het in Tembisa, dat die skoleboikotte geensins spontaan ontstaan het nie, dat die geweld wat ontstaan het gedurende die boikot is deel van die aksie om die regering te dwing om toe te gee aan hulle eise en dat die geweldpleging in 1984 wat daar toe uitgebreek het, die gevolg was van die verenigde aksie van UDF, TCA, COSAS na die organisasie en mobilisering van die massas rondom die knelpunte van die huur, onderwys as die algemene plan om die regering omver te werp en 'n "people's government" daar te stel.

Die volgende afdeling handel oor getuies wat die verdediging geroep het oor sekere kampanjes of knelpunte. Dit is die getuies Platski, Cachalia, Dangor, Duncan, Hartshorne en Douwes-Decker en dan moet hier nog bykom die professor, die heel laaste getuie, Potgieter.

Die staat maak die eerste punt en beweer dat al hierdie getuies het een ding in gemeen en nie een van hulle het voorgegee dat hulle enige gespesialiseerde kennis het van òf die UDF òf die ANC se aktiwiteite, beleid, vergaderings of besluite nie.

Die eerste getuie wat geroep is was juf. Platski en sy het getuig oor die aspekte van verskuiwings en politieke gevangenes. Nou verwys ek die hof graag na bladsy 1 007. Juf. Platski het vir die hof BEWYSSTUK E1 probeer uitlê en ek betoog soos ek daar aan die hof uitwys dat haar uitleg is heeltemal geforseerd en dit is strydig met wat die notule self sê en dit is strydig met wat die UDF self sê op

bladsy/...

bladsy 1 008 wat hulle doel is naamlik dat hulle "commit ourselves to uniting all the people in the countryside" en die "cities". Dit is duidelik dat hierdie vergadering gehou was waar die potensiaal vir organisasie uitgewys is hoe om die massas in die platteland te mobiliseer en ek vra dat die hof die uitleg van juf. Platski verwerp wat sy in BEWYSSTUK E1 gee. Sy bevestig op bladsy 1 009 paragraaf 3.4 dat sy geen UDF dokumente gesien het nie, behalwe die resolusies wat handel oor hierdie verskuiwings van politieke gevangenes en BEWYSSTUK E1 nie. Dit word respekvol betoog dat hierdie getuie se kennis, sodra die getoets word in spesifieke gevalle, gebrekkig is, dat sy baie lief is om te veralgemeen, veral ten aansien van UDF se beleid en sy aksies rondom verskuiwings.

Die volgende getuie is getuie Cachalia. Ek wil u verwys na haar getuienis op bladsy 1 011. Sy getuig, dit is die vierde paragraaf van bo af, ek sien dit is ongelukkig nie genommer nie, dat hulle vrouegroep wat hulle gevorm het UDF se MSC uitgevoer het. Ook in die volgende paragraaf vertel sy dat na die stigting van UDF in 1983 het hulle ook begin om ŉ sogenaamde Fordsburg Women's Group te stig en die doel was om die vrouens te organiseer in ŉ anti-verkiesingskampanje. Hulle het ook die MSC kampanje uitgevoer en hulle het gebruik gemaak van UDF materiaal in beide kampanjes bevestig sy. Hulle het ook huis tot huis gegaan in Augustus 1984 en UDF literatuur gebruik in hierdie kampanjes. Op bladsy 1 012 bevestig sy in die tweede paragraaf van bo af dat sy net die UDF "first year rally" bygewoon het en geen ander UDF vergaderings nie. Sy bevestig verder dat FEDTRAW ŉ geaffilieerde was en dat die Vaal Women's Group onder andere waarvan Dorcas Raditsela, waarvan die hof so baie al gehoor het, op hierdie

FEDTRAW/...

FEDTRAW geaffilieer was. Sy vertel verder vir die hof dat sy slegs die UDF "one year rally", een FEDSAW vergadering bygewoon het en slegs gedurende April tot Junie 1985 'n FEDTRAW terugrapporteringsvergadering bygewoon het en tog kom sy na die hof en sy kom verklaar hierso dat sy weet dat UDF, FEDSAW en FEDTRAW is in geen sameswering betrokke nie, met die gebrekkige kennis wat sy het. Sy bevestig ook dat FEDSAW 'n interim komitee konferensie gehou het waar FEDTRAW gestig is. Sy bevestig die projekte op bladsy 1 013 wat hulle gevoer het. Sy bevestig ook dat die vroue deur die Lenasia Women's Group gemobiliseer moes word vir deelname aan die "struggle" vir die "destruction" en dan haal ek haar getuienis aan "of apartheid and the establishment of a non-racial and democratic South Africa. Op bladsy 1 014 bevestig sy dat die FEDTRAW interim co-ordinating komitee bestaan het onder andere uit Dorcas Raditsela en Edith Lethlake uit die Vaal. Dit wys die skakeling wat daar ook was ten aansien van die vroue in die Vaal op nasionale vlak in die "liberation struggle". Sy erken op bladsy 1 014 die tweede laaste paragraaf dat hulle hulle self sien as deel van die vryheid-stryd en van die "liberation movement" en bevestig dat hulle ook die "women's charter" aanvaar het. Hierdie getuie op bladsy 1 015 het nie BEWYSSTUK AE8 of CA30, dit is FEDSAW en FEDTRAW se kalenders waarin hulle self verklaar dat hulle deel van 'n rewolusie is om die "system of exploitation" te vernietig, gesien nie. Sy weet nie daarvan nie. Dan betoog ek ten slotte ten aansien van hierdie getuie dat sy òf 'n gebrekkige kennis het oor UDF, FEDSAW en FEDTRAW se doelstellings en werksaamhede òf sy is nie openhartig met die hof in hierdie opsig nie, maar haar getuienis is in ieder

geval/...

geval sodanig dat daar nie gesteun behoort te word by beoordeling van die vraag of hierdie organisasie deel was van 'n sameswering om die regering geweldadig omver te werp nie.

Die volgende getuie is Sheena Duncan op bladsy 1 016. Sy het getuig oor die knelpunte wat Black Sash opgeneem het naamlik die nuwe grondwetlike bedeling, behuising, vroue, konskripsie, onderwys, groepsgebiede, tuislande, die Ciskei, verskuiwings, aanhoudings, sogenaamde onderdrukking teen politieke gevangenes en sy sê Black Sash het dit opgeneem. Op bladsy 1 017 sê die staat dat hierdie getuie Duncan is uiters vaag oor haar sogenaamde UDF vergaderings wat sy van UDF as sy geaffilieerde bygewoon het. Sy kan nie vir die hof een plek gee nie. Sy kan nie die datums gee nie, nie eers die jaartalle of die sprekers of die onderwerpe van die vergaderings wat sy so bygewoon het nie. Dan sê ek verder sy is ooglopend subjektief in haar antwoorde met betrekking tot die ANC. Sy wil werklik vir hierdie hof probeer wysmaak dat sy 'n persoon wat belang stel van 18 jaar af - jarige ouderdom is sy al in die Black Sash, dat sy nie weet dat die ANC bomaanvalle in Suid-Afrika inisieer nie. Sy bevestig op bladsy 1 017 paragraaf 5.8 dat dit by die stigting van die UDF die eerste keer was na die verbanning van die ANC dat organisasies op 'n nasionale vlak byeen gebring is. Dan bladsy 1 018 het die verdediging, veral beskuldigde nr. 20 uit sy pad gegaan om vir die hof te verduidelik wat sy betrokkenheid by Tumahole was en hy het hoog en laag gesweer dat daar is nie geaffilieerdes in Tumahole nie. Dié getuie het vir die hof kom sê op bladsy - die volume wat daar aangehaal word, dat daar in Tumahole is nie net die "civic" nie, maar ook die Tumahole Youth Organisation is

geaffilieer/...

geaffilieer by UDF en sy het hulle gaan toespreek. Haar getuienis in paragraaf 5.10 dat die geaffilieerdes in Cradock bespreek het hoe die polisie nie geïsoleer moet word nie, maar hoe hulle vriendelik behandel moet word, met respek, soos die hof vanoggend geluister het na die aanhalings wat gemaak is deur my geleerde leier oor Cradock is lagwekkend so ongeloofwaardig is dit. Dan het die getuie Duncan verwys na sekere plekke wat sy nou van sou weet waar UDF geaffilieerde organisasies vergader het en hulle teen geweld sou uitgespreek het en dan verwys ek na die voorbeelde wat sy aangehaal het, eerstens by Tumahole was daar geen bespreking oor geweld nie, maar sy het doodeenvoudig vir die mense gesê "Kyk, ek gaan nie weg nie, ek bly hier totdat almal ordelik weg is. Die polisie is daar buite." Daar was geen bespreking van geweld nie. Dit is die een voorbeeld. Die vergaderings wat sy aanhaal oor Rhodes was nooit enige geweld bespreek nie en geweld het niks met die saak uit te waai gehad nie. Die ander vergadering wat sy gee as 'n voorbeeld waar die Worcester affiliaal van UDF sou wees, het gehandel oor advies kantoorwerk en waar ook geen geweld bespreek is nie. Dit word respekvol betoog dat die getuie die hof ook nie veel kan help oor die UDF kampanjes nie. Sy weet nie vir watter doel hulle aangeneem is nie. Sy weet nie wat die UDF gedoen het om hulle uit te voer nie en sy weet nie wat UDF bereik het deur hierdie kampanjes nie.

Die derde getuie is mnr. Dangor. Sy getuienis in paragraaf 6.1 op bladsy 1 019 sy uitleg oor sogenaamde "liberatory movements" as synde 'n verwysing na organisasies wat vreedsame verandering voorstaan is foutief en te eng as in ag geneem word dat die UDF wat almal weet gewelddadig is hom ook self

sien/...

sien as 'n "liberation movement". Dangor sê op bladsy 1 020 dat hy het aan geen organisasie behoort wat by UDF geaffilieer was nie. Hy het geen UDF dokumente gesien nie, behalwe die drie resolusies wat hy gesien het vir doeleindes van sy getuienislewering. Hy gee toe dat sommige lede van die arbeiders-party voorheen lede van die SA Coloured People's Congress was wat weer deel was van die Congress Alliance. Dit word respekvol betoog dat hierdie feit verklaar waarom daar by sekere arbeiderpartyvergaderings slagspreuke soos Amandla Ngawethu en Iswelethu uitgeroep word. Dit is deel van die geskiedenis wat van die ou Congress Alliance se dae af kom. Die getuie in paragraaf 6.4 kan nie die sogenaamde "freedom songs" wat gesing sou gewees het in die Jabulani stadion waar die Inkatha was onthou nie. Dit blyk in elk geval dat die liedere in Zoeloe gesing was en hy verstaan nie Zoeloe nie. Hy kan ook nie 'n enkele vryheidslied wat hy sou gehoor het vir die hof se naam gee nie. Die staat betoog dat die getuienis wat hierdie man met betrekking tot die knelpunte gegee het doen geen afbreuk aan die staat se argument nie. Bestaande knelpunte is deur die UDF opgeneem en onder sy leiding gekoördineer in 'n poging om die massas te mobiliseer en te organiseer vir massa deelname aan die vryheidstryd, wat die gewelddadige omverwerping van die staatgesag behels. Die getuie weet basies niks van UDF en sy doelstellings nie en hy help die hof dus niks in hierdie opsig nie.

Dan die getuie dr. Hartshorne. Dit word eerstens betoog in paragraaf 7.1 op bladsy 1 021 dat hierdie man het laas in 1966, middel 1966 direkte kontak gehad met die swartskole. Daarna is hy na die onderwysbeplanningsafdeling in sy

hoofkantoor/...

hoofkantoor gesit en wat hy verder van hierdie goed weet is alles hoorsê. Dit was tien jaar voor die Soweto onluste wat hy laas in die praktyk met skole te doen gehad het. Ook die getuie getuig dat daar sekere griewe is in die onderwys self, maar die staat betwis dit nie. Die staat betoog net dat dit uitgebuit is op bladsy 1 022 deur die organisasies onder UDF se leiding. Dr. Hartshorne bevestig dat hy slegs een of twee COSAS dokumente gesien het en net die UDF resolusie oor onderwys voor hy kom getuig het. Hy is ooglopend nie bekend met enige ander COSAS en UDF dokumente nie, beleidsdokumente nie. Verder bevestig hy dat hy al gehoor het van SOYCO, AZASO, SAYCO en Soweto Civic Association en die Student Parent Committees, maar hy het nog nooit van hulle dokumente gesien nie. Die getuie bevestig dat daar sedert Oktober 1984 is daar kommunikasiestrukture geskep waar die leerlinge van die laagste vlak tot by die minister van onderwys tot op die hoogste vlak kan skakel. Dit is klaarblyklik nie vir die leerlinge aanvaarbaar nie. Ek sal later betoog waarom nie. Bladsy 1 023. Hy gee ook toe dat die probleem is, paragraaf 7.6 dat COSAS nie bereid is om onder enige omstandighede met bestaande regeringstrukture in te skakel nie. Hy bevestig verder dat Vusi Khanyile - daardie Theron moet wees Ihron Rensburg, Eric Molobe en ander persone waaronder Swelaki Sisulu lede van die NECC was en dan bevestig hy weer die skakeling tussen Soweto Parents Crisis Committee en die NECC. Dan sê ek in paragraaf 7.9 dat die uitleg wat hierdie getuie ook al probeer gee oor die sogenaamde people's education om die doelstellings van die NECC gaan mank aan 'n kennis wat die NECC self deur sy voorsitter Sisulu verklaar wat sy doelstellings is. Dit word verder betoog op bladsy 1 024 boaan

dat/...

dat die getuie het nooit die hele toespraak van Sisulu gesien nie, sekere uittreksels daar uit en as na die toespraak in geheel gekyk word, dit word later behandel, dan is dit duidelik dat die getuie Hartshorne se opinie omtrent dië liggaam gebrekkig is. Dit is totaal onaanvaarbaar dat Swelaki Sisulu wat die "keynote address" gelewer het en wat ons weet wat die voorsitter van die komitee is oor "people's education" iets anders sal kom verkondig as wat die doelstellings van die NECC is. Ook weet ons dat die toespraak uitgedeel is aan die konferensiegangers soos dr. Motlana getuig het. Hy het 'n afskrif gekry en verder is dit so dat daar op die konferensie self nooit deur die NECC of enigeen beswaar gemaak is oor wat daar verkondig is nie en ook later is daar niks voorgelê deur òf die getuies òf die verdediging waarin die NECC hierdie toespraak sou gerepudieer het nie. Dit is ons oortuiging dat dr. Hartshorne of dr. Motlana sou geweet het as dit gebeur het, want hulle het belang gestel in hierdie onderwyskwessie. Hulle was betrokke daarby.

Dan op bladsy 1 025 paragraaf 7.12 word dit betoog dat dr. Hartshorne se uitleg van die NEC se besluit op die konferensie naamlik primêr oor onderwys gegaan het, is klaarblyklik verkeerd as die hof daarop let dat amper die helfte van die resolusies oor ander goed gehandel het, soos oor Meidag, politieke gevangenes, sanksies, Angola ensovoorts en dit bevestig met respek net die staat se argument dat onderwys is maar net een aspek wat misbruik deur die organisasies om die massas te mobiliseer in die vryheidstryd. Dan bladsy 1 026 paragraaf 7.15 betoog die staat dat baie van die griewe wat aangegryp word ten opsigte van die onderwys sonder enige substansie is soos duidelik blyk uit die getuienis ten

opsigte/...

opsigte van skoolkomitees. Die getuie gee toe dat die NECC gevra het dat die skoolkomitees verwerp moet word as 'n demonstrasie van sogenaamde people's power. Hy gee dan toe dat daar in werklikheid geen beswaar teen die skoolkomitees is nie. Hulle is demokratiese liggame, maar hulle word eenvoudig verwerp as deel van die departementele strukture. Dan word betoog dat die hof by beoordeling van die vraag na "people's power" en "people's education" sal let op wat in BEWYSSTUK CA46 en 42, naamlik Sisulu se toespraak, weergegee word. Dan bladsy 1 027 behandel ek die toespraak. Ek wil net paragraaf 7.18 die laaste deel na verwys. As die hof sal kyk na bladsy 26 BEWYSSTUK CA46 - ek wil nie nou daarna verwys nie, maar ek haal dit daar aan, die toespraak van Sisulu waar hy sê "These schools occupations give students the opportunity to start implementing alternative programs." "People's education" is inderdaad "a major resolution" wat aanvaar is op hierdie konferensie. Dit staan op bladsy 13 van CA42. So, die deel van die "keynote address" is die "major resolution." Dan verwys ek in paragraaf 7.20 na die ander resolusies wat aandui dat hierdie NECC hom met 'n klomp goed besig gehou het behalwe onderwys en op 1 028 sê ek dat Sisulu lê "people's power" as volg uit. Eerstens subparagraaf 1 "people's power" moet eers verkry word voor daar sprake kan wees van "people's education", want hy sê "the struggle for people's education can only finally be one when we have won the struggle for people's power." Dan sê ek verder uit die toespraak is dit duidelik dat "people's power" beteken die skep van sogenaamde "people's organisations", die liggame waar daar gesê word "Therefore gains we make in the education struggle depend on our organised strength on the extent to which we

establish/...

establish organs of people's power." Dan sê ek in subparagraaf 3 op bladsy 1 028 dat "people's power" gaan oor die "transfer of power to the people." Dan word daar aangehaal "We are not poised for the immediate transfer of power to the people. We are, however, poised to enter the phase which can lead to the transfer of power." Ook op bladsy 1 029 bo is die verdere aanhaling wat dit staaf. Ek het ongeveer ses aangehaal, maar ek gaan nie na almal verwys nie. Dan op dieselfde bladsy 1 029 net die tweede laaste paragraaf "People exercised power by starting to take control in areas such as crime, the cleaning of the townships and the creation of people's power, the provision of first-aid and even in the schools."

Dan bladsy 1 030 die tweede aanhaling van bo af is daar net een aspek wat ek die hof op wil wys "When disciplined (ek wil hê die hof moet let op die woord 'disciplined') organised youth together with other older people participate in the exercise of people's justice and the setting up of people's courts, when these structures are acting on a mandate of the community and under the democratic control of the community, this is an example of people's power." Nou wil ek vir die hof sê hierdie is ŉ duidelike voorbeeld van wat word bedoel deur die UDF en die affiliate as hulle praat van gedissiplineerde optrede. Dit sluit in optrede onwettig - "people's court" is onwettig - maar volgens die voorskrifte van die UDF, dan is dit gedissiplineerd. Dit is wat hulle beskou met dissipline. Dit beteken glad nie wettigheid nie. Dan in subparagraaf 4 op bladsy 1 030 sê die staat dit blyk verder volgens Sisulu se toespraak dat onregeerbaarheid is ŉ voorloper van die daarstelling van "people's power". Dan is daar ŉ klomp aanhalings. Ek sal net na die tweede een

verwys/...

verwys, die kortste een "An important difference between ungovernability and people's power is that no matter how ungovernable, the township is, unless the people are organised, the gains made through ungovernability, can be tolled back by state repression." Hy verklaar dan verder dat die NECC "has opened the way for people's power to be developed in our struggle." Dit is die doelstelling van die NECC, naamlik in subparagraaf 6 boaan ook verder - hy sê die prioriteit is "the building of democratic organs of people's power." Dit beteken wat die onderwys betref sê die staat subparagraaf 7 "To deepen people's control over education", wat weer beteken dat die volgende "organs of people's power" gestig moet word, naamlik "the setting up of SRC's in every school and parent teacher student committees to control education in these schools." Maar Sisulu het verder gegaan en behalwe dat hy "people's power" uitgespel het, het hy ook gesê wat is "people's education." Paragraaf 7.22 subparagraaf 1 sê hy eerstens dit is iets wat "can only be achieved with the eradication of the apartheid system and the establishment of a democratic people's South Africa." Tweedens sê hy vir hulle dit is nie dieselfde as blanke-onderwys nie en hier wil ek net die volgende opmerking maak dat hier is getuienis hier voor die hof wat voorgee van die verdediging dat die mense kla dat daar word te min geld spandeer aan swartonderwys, dit is nie dieselfde standaard soos blanke-onderwys nie, maar hiervolgens is dit duidelik, dit is nie waarin hulle belang stel nie. Dit is maar net oëverblindery vir die wêreld. Hulle stel belang in "people's education" wat heeltemal iets anders is as dieselfde hoeveelheid geld vir hulle onderwys en dieselfde tipe onderwys as blanke-

onderwys/...

onderwys. Subparagraaf 3 bladsy 1 032 is dit ook duidelik dat hulle nie belang stel in onderwys wat van bo af kom nie. Hulle wil hulle eie onderwys hê of instel. Dan subparagraaf 4 maak dit ook duidelik dat "people's education" beteken nie die skepping van privaat skole nie. Met ander woorde, al hierdie hulp wat van die privaat sektor aangebied word om hulle eie skole of swartonderwys te probeer verbeter is on-aanvaarbaar vir hulle, want sê hulle "another type of school we reject is one which gives students from a mere wealthy background avenues to opt out of the struggle, such as commercially run schools which are spring up." Dit is ook onvaarbaar vir hulle. Dan sê hulle uiteindelik subparagraaf 5 wat is "people's education". Dan sê hulle "Every initiative must come from the people themselves, must be accountable to the people and must advance the broad mass of students not just the select few. In fact this means taking over the schools, transforming them from institutions of oppression into zones of progress and people's power. Of course, this is a long term process, a process of struggle which can only ultimately be secured by total liberation. We have already begun this process."

Dan vra ek die hof om ook te let op wat die UDF sê oor hierdie "people's power van hom. Eerstens verwys ek na BEWYSSTUK A1 bladsy 1 033 waar gesê word op bladsy 3 van A1 die tweede aanhaling - die tweede paragraaf van die eerste aanhaling "This is to ensure that the UDF does not simply become a political protest group, but is able to build and strengthen non-racial democratic organisations as an alternative to apartheid itself." Dit word verder verwys na die toesprake wat gemaak is by die stigting van UDF deur Frank

Chikane/...

Chikane wat gesê het, die laaste aanhaling - aanhaling c, waar hy doodeenvoudig sê "We want a government of the people." Ekskuus, dit is die aanhaling van Samson Ndou. Jammer.

Dan verwys ek u na die sekretariële verslag van die UDF van Januarie 1984 BEWYSSTUK E2. Daar word verklaar deur beskuldigdes nrs. 19 en 20 die nasionale sekretariaat waarvan hulle deel is. Hulle het in Januarie 1984 al gesien "the challenge of the UDF and its affiliates is to provide an alternative to these structures." Dit is swart plaaslike besture. Dit met respek word betoog is die "organs of people's power" wat duidelik uitgespel word elders.

Dan verwys ons die hof na die Speak van Januarie 1984 waar Frank Chikane, ŉ ander UDF man, aangehaal word waar hy eenvoudig gesê het "All this to be done with our immediate goal in mind to organise and mobilise the oppressed masses in South Africa and create such structures and network that will enable the liberation movement to break the system of apartheid" en dan sê hy laastens vir die skepping van "people's government".

Dan ook die sekretariële verslag van UDF Grens subparagraaf 4 op bladsy 1 035 word dit weer - ek lees nie die eerste sin nie, die tweede sin "Through UDF our people have been able to organise mass campaigns that have resulted in the mobilisation of scores of thousands of our people into active resistance of not only the measures of this regime, but also the continuation of the exercise of power over us without our mandate." Dit gaan oor mag. Ook AZASO verklaar in sy "news letter" BEWYSSTUK W15 waarna my geleerde leier verwys het, ek wil die laaste deel aanhaal waar hulle sê "The real question - onder aan bladsy 1 035, die laaste

twee/...

twee sinne "The real question is how we can use them (dit is die bevindings van die De Lange Kommissie oor onderwys) to advantage because we also want power. Therefore this is a constant dilectic of struggle between the two contending forces. It is those that do not have power and those that do. Dan bo aan bladsy 1 036 "Look at the motivations for actually taking on the state. Firstly the point has to be made and we are moving away from the phase that characterised the seventees, the phase of protest politics, the phase of militant rhetoric. One can shout militant slogans until one is blue in the face, but this is not going to get power." Ook AZASO maak dit duidelik dit gaan oor mag, niks anders nie.

Dan subparagraaf 6 op bladsy 1 036 sê CAHAC ŉ ander UDF geaffilieerde in BEWYSSTUK W72 dat hulle belang stel in "people's government", niks anders nie. Ek verwys u na bladsy 1 037 bo aan die drie laaste sinne van die aanhaling. "Rent increase has led to the destruction of the local community councils in these areas." Dit is onder andere die Vaal, Grahamstad en Graaff-Reinet. "The people's message to the illegitimate government is loud and clear. The people shall govern and we will accept nothing less than this.

Ook SASPU Focus in November 1984 verklaar "The government ignored the warning sparking a bloody and bitter struggle for the control of the schools." Dit is waaroor dit gaan. Dan die heel laaste paragraaf van die aanhaling bladsy 1 036 nog steeds van dieselfde dokument "The people shall govern, not only in parliament but also directly in the schools, in the factories and communities. Nothing less than power to the people." Dan sê ons op bladsy 1 038 het ook ander affiliate COSAS en MAYCO in hulle deelname aan die kampanje

teen/...

teen die swart plaaslike besture te Mankweng die massas mobiliseer vir die verwerping van die stelsel en dan stel hulle ŉ alternatief daarvoor "All power to the people. Down with the council." Soos verder COSAS het in BEWYSSTUK ABA51 ŉ pamflet wat hulle tydens die 16 Junie 1976 herdenkings uitgereik het gesê dat hulle verstaan onder "people's power" die oorname van gesag na die val van die regering.

Ons sê verder vir die hof in subparagraaf 10 dat UDF het in April 1985 weer ŉ keer loop sê dat dit gaan by hulle "there is still time for the racist minority regime to consult with the authentic leaders of the people and the sole objective making the necessary arrangements for the speedy and effective dismantling of apartheid and the transfer of power to the people." Dit is weer dit. Ook die sekretariële verslag wat daar voorgelê is waarvan beskuldigdes nrs. 19 en 20 ŉ aandeel in gehad het, word verklaar dat "In the townships the black local authorities are inoperative. Now our task is to extend our struggle beyond these apartheid structures and set up our alternative structure which will force the authorities to help the popular demands of the people." Ek meen dit moet wees "heed".

Ook in BEWYSSTUK C100 en AAD5, dit is by UDF Pretoria en UDF Johannesburg se kantore gekry. Daar sê hulle weer eens vir die hof dat eerstens, in altwee dokumente, bladsy 2 "The struggle of popular organisations must develop to the point where the state can no longer impose its own democratic structures. Conversely, democratic organs of the people must start to replace these structures as embrios of a future democratic people's South Africa." Ook hulle bevestig verder dan, die tweede paragraaf van die volgende aanhaling dat

in/...

in die "townships a stage could be reached where the people's organisation assumed the responsibility for organising the community for governing itself in a variety of ways." Ook BEWYSSTUK AAA10 wat in die besit van beskuldigde nr. 19 gekry is wat saam gelees moet word met BEWYSSTUK C102 bladsy 3 is 'n verduideliking wat beskuldigde nr. 19 self geloop gee het. Daar sê hy "The alternative structures which the democratic movement has to develop. Comrade Popo Molefe explained that this referred to the democratic organisations operating outside the framework of the government. He stressed the need for these to become the organisations of the people through which they could determine their own lives." Ook BEWYSSTUK CA38, 'n Isizwe wat uitgegee is. Daar word nou wel voor in die dokument vertel dat hierdie publikasie verkondig nie die UDF se standpunte nie, maar met respek, dit is 'n dokument wat UDF opgestel het en UDF versprei het. Hulle stel dit daarso subparagraaf 14.1 dat "people's power" volgens UDF in die volste sin gelyk gestel moet word net "control over central state power." Dan sê ons dit is insiggewend dat hierdie selfde aangetref word as wat die NECC verklaar oor onderwys. Net soos die NECC nie daarin belang stel dat swartes dieselfde onderwysstelsel as blankes moet kry nie, so sê UDF hulle stel ook nie daarin belang dat hulle leiers soos Mandela in dieselfde regeringstrukture geplaas moet word nie. Hulle sê ook verder op bladsy 1 041 dat net soos die NECC "people's power" is 'n "process to take some control over education." Dan word Lulu Johnson aangehaal, een van die leiers van COSAS waar hy gesê het "We cannot yet completely run our schools. The government has now lost the ability to run them."

Ook/...

Ook oor die swart plaaslike besture maak UDF bekend wat hy verstaan onder "people's power" en ek wil net na die laaste sin verwys paragraaf 7.23.14.4 "At the same time the embattled townships of the Karoo, Eastern Cape, Border and some in some Transvaal townships, we are beginning to see the development of street committees." Hulle het erken hulle stel straatkomitees op.

HOF VERDAAG TOT 14h00.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-K1-2-430**
*Document Title:-* **Vol.430**